VERONDERSTEL

Hierdie tyd van gemeenskap te hê saam met julle mense, so ver van daardie bevrore noorde af waaruit ek pas gekom het. Ek het vir julle pastoor gesê, bo in sy studeerkamer vanmiddag: "Hierdie gaan een van die grootste byeenkomste wees wat ek nog ooit gesien het, of anders het ek die wil van die Here gemis." Ek het nog nooit gehad dat Satan my so hard beveg het, as wat hy het terwyl ek hiernatoe gekom het nie. Toe Broer Williams my genooi het 'n tyd gelede, het ek net soort van 'n bietjie gehuiwer. Ek het gesê: "Ek sal jou 'n bietjie later laat weet, omdat ek glo in bid oor dinge voor ons—ons besluit neem. Laat dit God se keuse wees."

2 En ek het net aanhoudend gelei gevoel om te kom, omdat dit 'n tyd was. . . Ek waardeer altyd die Volle Evangelie Sakemanne se Gemeenskap. En dan. . . En hierdie was iets ekstra, want ek sou die verskillende kerke ontmoet, die verskillende broers van die verskillende denominasies. Ek hou daarvan om dit te doen, en soort van gemeenskap te hê in verskillende kerke, van—van al die kerke van God. So toe, toe. . .

3 Ek het gesê: "Ek sal nou seker wees dis die Here wat my roep." Ek het gesê: "Ek gaan vir Broer Williams 'n hele tydjie gee om iemand anders te kry, julle weet, om soontoe te gaan. Seker wees—wees, dat, as hy steeds vir my wag, dan weet ek dis die Here, en as al die broers sê hulle wil hê ek moet kom." Ek het gesê: "Hemelse Vader, ek sal dit net aanneem dat—dat U wil hê ek moet na Phoenix toe gaan."

4 Wel, toe het ek 'n paar dae gewag. Ek het gedink: "Nou, ek beter hom dadelik laat weet, want hy's. . . Hulle moet dit adverteer in—in die Sakeman Se *Stem*."

5 En so na 'n paar dae se wag, het ek hom geskakel. Hy het gesê: "O, Broer Branham, al die broers wil hê jy moet kom." So ek het gesê. . . Net daardie stampie gevoel ek moet dit doen, so ek het gedink hierdie sal 'n groot geleentheid wees.

6 Wel, ek het gedink ek sal net 'n—'n bietjie vroeg kom. En ek wou oorgaan na Mexiko en vir my 'n tas kry wat ek baie nodig het. Wat, iemand my Kersfees die geld voor gegee het, om dit te kry, en ek kan dit kry vir omtrent die helfte van die prys wat ek dit hier kry, en omtrent twee maal beter, oorkant die grens. Ek het gedink: "Wel, ek sal afgaan na Texas, so ek gaan vir myself drie ekstra dae toelaat sodat ek kan gaan inkopies doen en 'n goeie een kry, 'n bietjie kan rus oppad." En ek sou op 'n Donderdag begin.

7 En ons was net gereed om te vertrek, en daar het 'n sneeustorm oor die land gekom, en hulle het selfs die hoofpaaie

afgesper, oral. En die Suide was heeltemal onbegaanbaar. En hulle wou ons nie oor die noordelike deel laat gaan, oor 66 nie.

8 Ek het twee dae gewag, en uiteindelik het hulle die paaie oopgestel, gesê: "Jy kan jou kans vat." So ek het vertrek.

9 Ek het gedink: "Wel, dit sal mooi weer wees." Huh! Ek dink nie ek was al ooit in 'n erger sneeustorm, in my hele lewe nie; en ys en verkeersknope, en oral langs die pad, en alles.

10 Uiteindelik het, een van die opname-kêrels hier, Broer Maquire, sy motor het afvallig geraak, oppad. Ons het voortgegaan. En so het ons 'n vreeslike. . . Ek dink dit het net ingegee. Ek dink nie dit het afvallig geraak nie. Net ingegee, sien. En so het hy 'n ou ontwikkelaar gekry, en die ding wou nie reg werk nie. En hy het dit weer probeer, en dit wou nie reg werk nie. Hy het dit in 'n ander werkswinkel gehad; dit wou nie reg werk nie. Hy het drie probeer, tot omtrent elfuur een aand, en steeds wou die ding nie. . .

11 Volgende oggend, opgestaan. Red sou. . . Hy het soontoe gekom. Nou, hy is iewers aan die luister na my. Ek het dit nog nooit genoem, selfs aan sy skoonpa en hulle nie. Maar hy het my op die skouer getik, oppad uit die restaurant uit, gesê: "Broer Branham, vra jy net vir God, en dit sal reg werk."

Ek het gesê: "Glo jy dit regtig?"

Hy het gesê: "Ek glo."

En dit het reg gewerk. Ons het hiernatoe gekom.

12 So toe ek by Phoenix gekom het, het ek gedink: "Nou is my probleme verby." En as ek nie vanmôre opgestaan het met griep, hoofpyn en pyne nie.

Wel, het ek gesê: "Satan. . . "

13 Dis 'n geveg, so hier is ek. So ons is hier om hierdie gemeenskap te geniet. En ek het die pastoor ontmoet vanmiddag, in sy studeerkamer hierbo, en ons het 'n wonderlike tyd gehad. So 'n wonderlike kerkie. En ek bring vir julle groete van die hele huishouding van God, bo in die midde-ooste, van waar ek is. En so weet ons dat dit baie goed gaan met julle hierbuite. Ons hoor van julle.

14 En bly om Broer Norman hier oorkant te sien sit vanaand, van Tucson af. En ek het 'n paar mense. . . Ek kyk oor hierdie klein gehoor hier, en sien mense van bo in Ohio, Broer en Suster Dauch wat hier sit. En ek glo hier is die mense van Iowa, wat hier reg agter ons sit, en—en verskillendes. Hulle kom net van die ooste en weste, nie waar nie, oral, wat bymekaar vloei. So ons is bly om hier te wees.

15 En nou sien ons uit na die aande wat vir ons geskeduleer is om te preek by die verskillende kerke. Ek dink, môre-aand, sal ons bo in Tempe wees, was dit? ['n Broer sê: "Ja, bo in

Tempe."—Red.] Tempe. En dan, die volgende aand, dink ek, by . . . ["Broer Outlaw s'n."] Broer Outlaw s'n. Dis die . . . ["20ste en Roosevelt."] 20ste en Rooseveltstraat. Dan, verskillendes. En die . . .

16 As julle broers hier is, wat ek daardie twee aande moet misloop, ek's jammer daaroor. Maar die Here sal ons 'n spesiale seëninkie gee op daardie Sondagoggende wat ons dit sal opmaak. So dis soort van 'n vol skedule, maar deur God se genade sal ons—sal ons dit maak.

17 En verwag dan 'n groot tyd in hierdie komende konvensie, hierdie, die Sakemanskonvensie. So bly vir die geleentheid, miskien al daardie broers kan ontmoet, en hulle hande skud. En dis—dis iets, om vriende te ontmoet. En ons—ons . . . Daar's niks soos vriende nie.

18 Ek gaan iets aanhaal wat ek het aan die pastoor vanmiddag. Oswald J. Smith, hy's 'n groot sending-gesinde man. Hy het gepraat, 'n tyd gelede, in Louisville, Kentucky, met 'n vriend van my, Dr. Wallace Cauble. En hy het vir Broer Cauble gesê, hy het gesê: "Broer Cauble, ek—ek glo dat as 'n man eers trou," het hy gesê: "en sy vrou is jonk en sy's mooi en alles," gesê: "jy weet, as sy dalk sleg word, die nes verlaat, soos ons dit noem, wegloop, die pad byster raak, of wat ook al, julle weet, uitgaan en verkeerd doen," gesê: "jy haar moet verlaat, of iets," gesê: "is dit erg, maar dit is nie." Gesê: "Jy kan . . . Jy's jonk, en jy kan miskien rondkyk, en 'n ander een vind wat reg sal wees." Gesê: "Dan wanneer jy lank genoeg saam met haar lewe, tot die kinders kom," gesê: "is dit baie moeilik, as sy dit dán doen, jy weet." Gesê: "Jy begin regtig besef jy het haar nodig." Gesê: "Wanneer jy by omtrent vyftig kom," gesê: "dan kan jy net kwalik sonder haar klaarkom." Gesê: "Dan wanneer jy sewentig word, is jy seker jy kan nie sonder haar klaarkom nie."

19 Ek het net gedink, soort van 'n klein geestelike interpretasie daaraan gekoppel. Toe ek 'n jong prediker was, elke man wat 'n fout gemaak het, hy was uit die prentjie uit. Hy kon nie eers in die wedloop hardloop nie. Dis al. As hy nie 'n Baptis was nie, was hy net uit die prentjie uit, dis al. Sien? Hy moes net die dinge gesien het wat ek gesien het, of die man was heeltemal verkeerd.

20 En toe, nadat ek 'n bietjie ouer geraak het, het ek begin besef dat, jy weet, die kombers het soort van 'n bietjie gerek. Ek het gesien waar hy moes, waardeur hy moes gaan; 'n klomp probleme, 'n pastoor van 'n kerk, en die hartseer wat daarmee saamgaan. Ek het besef dat hierdie kombers 'n bietjie bo-oor hom ook uitstrek, julle weet, om soort van te keer dat hy koud kry. En nou, soos wat ons kom na omtrent waar ek nou is, sal ek—ek—ek julle sê; het ons mekaar so nodig, ons kan net kwalik sonder mekaar klaarkom. Dis al wat dit is.

21 En soos ons die dae boos sien raak, en die dinge soos hulle is, wel, dink ek dis goed dat ons bymekaarkom en saam gemeenskap hou. En ek verlang net om by die broers uit te kom en met hulle te praat, ensovoorts. Al die verskillende kerke, en—en die broederskap, ek—ek hou daarvan. Sien, dis iets daaraan, wat eg is.

22 En ek dink wel, nie om op te kom vir hierdie groepie mans, van Volle Evangelie Sakemanne nie, maar ek dink dat dit 'n groot geleentheid is wat God ons almal gegee het, waar ons kan bymekaarkom daardeur, en ons gemeenskap kan hê. Hulle trek nie enige lyne van enige denominasies, ensovoorts nie, en ons kan net bymekaar sit in Hemelse plekke in Christus. Nou, ek besef dat dit nie volmaak gaan wees nie. Hulle gaan baie foute maak. Ek sien hulle s'n, en hulle sien myne. En julle sien myne; ek sien julle s'n. En, maar ons moet—moet saamleef met mekaar, en ons moet besef. Maar ek dink, alles in ag genome, as dit alles ondersoek word, sover dit my betref, is dit die room van die oes. Sien? Dis reg. Dis hierdie.

23 Ek het my keuse gemaak vir die Volle Evangelie, baie jare gelede, en ek is elke dag blyer daaroor. En ek—ek is dankbaar om een van hulle te wees. En om hierdie groot ondervinding te hê om Christus as my Verlosser te ontvang, en, in ruil, Hom my te laat vul met Sy Heilige Gees, en daagliks in my hart te woon, as 'n getuienis vir my, dat ek oorgegaan het uit die dood na die Lewe. My plant van my verlossing toets, elke dag, soos ek opname maak. Net kyk hoe die Gees in my, hoe Dit voel? Hoe werk Dit saam met die dinge van die wêreld? Of, is dit so Hemels dat die dinge van die wêreld dof, en smerig, en vuil voel?

24 Ek het afgegaan in hierdie straat. Ek het die eerste keer vyf-en-dertig jaar gelede, hierdie jaar, 1926, hiernatoe gekom in 'n T-model Ford. En ek het in Sestiende en Henshaw gewoon. Ek sien hulle het selfs die naam verander. Dis nou Buckeye daarbuite. So alles is aan die verander. Maar ek herken die ou plek. Julle weet, ek het perde gery daaronder rondom deur die vallei daar, die Soutrivier, en onderdeur na daardie kant. Wel, hulle het donkies net oor die berg gehad daar, wilde donkies, sien, en ou prospekteerders sou inkom. Goeiste! Hulle het nogsteeds prospekteerders wat inkom, maar hulle is nou in Cadillacs, so steeds dieselfde. So dit—dit het nogal baie verander.

25 Maar ek het uitgevind dat die Evangelie nie verander nie; gee steeds dieselfde bevrediging. En jy gaan terug, jaar na jaar, jy vind uit dis dieselfde. Dis dieselfde ondervinding wat hulle by Pinskter ontvang het. Na tweeduisend jaar, het dit niks verander nie. Ons kry dieselfde ding, sien, net presies dieselfde ding wat dit gedoen het.

26 Soos ek gekyk het na die manjifieke strate, en die plekke en ligte sien, en—en beligte plekke, het ek gedink: "Driehonderd

jaar gelede. . . " Soos ek met my seun gepraat het, oppad. "Hierdie vallei het stil en rustig gelê. Miskien sou 'n prêriewolf nou en dan huil, of—of een of ander geluid, 'n donkie sou balk, of—of driehonderd jaar gelede." En soos ons kyk hoe dit was, weet ek nie of jy sê bekeer of verdraaid, tot wat dit nou is nie.

27 Dit sou 'n bekering gewees het as hierdie strate op-en-af geloop het, met mense, met hulle hande op na God, God geprys het vir 'n pragtige vallei en 'n lieflike plek om te bly, en 'n gesonde klimaat; en God geprys het in kerke, en broers broers was, en susters, ensovoorts, net 'n groot kolonie van God se ekonomie; dit sou 'n wonderlike plek gewees het.

28 Maar in plaas daarvan, met drankhole, kantiens, prostitusie, sigaretrook, dobbel, vervloek, vloek. Ek stel my net voor dat God die hele ding eendag sal skoonvee. Dis reg. En hulle wat hulle keuse vir Hom maak, sal weer hier woon in die eindelose tydperk, daardie groot Millennium wat sal kom.

29 En dis my bedoeling, en waarvoor ek hier is in Phoenix vanaand, is om, eerstens, te probeer om gemeenskap te hê, om die kerk te versterk, om te bid vir die siekes as enige kom om voor gebid te word. Ons beplan nie om enige gebedskaarte uit te gee, of sovoorts nie. Ons kom. Ons sal net enigiets doen om die mense te help. As iemand voor gebid wil word, enigste ding wat jy hoef te doen is om te vra, en ons sal vir hulle bid, wat ons ook al kan doen. Ek het uitgevind by die huis, 'n paar weke gelede, deur dit te doen, dat dit ver bokant enigiets anders is, julle sien.

30 En ek onthou toe ek die eerste keer hier in Phoenix gekom het. Ons het daar oorkant in Broer Outlaw se kerk gestaan, hy was die eerste een wat my na Phoenix toe genooi het. En toe was daar 'n klein, Mexikaanse kerkie genaamd Garcia, Broer Garcia, klein Spaans-sprekende kerkie iewers daar onderin. En wat 'n wonderlike tyd het ons daarbinne gehad, en mense wat gestaan het in gebedsrye, en genees is, net gebid en hande op hulle gelê het.

31 Die bediening het hoër geword. Dit het beslis. Gawes is vermenigvuldig. Maar op een of ander manier, wens ek net ek was terug soos wat dit in die eerste plek was, julle sien. Net die. . . Sien? Ja. Ek dink, meer hier. Ons net sommige van die dinge vergeet wat hulle ooit geleer het, dink ek sou dit baie beter wees. Sien?

32 Wel, ek dink die pad na God is deur die pad van nederigheid en diens. Ek dink dat daar niks beter is in die wêreld, om ons op te lig na Christus, as dit nie. Jy vleeslike nabootsings begin sien, ensovoorts, stomp dit jou af en sit dit iets in jou. Ek—ek wens dit het dit nie gedoen nie, julle sien. Ons net. . . As jy jou net gemaak het. . . Dit verhef jou soort van. Ek dink dit bring jou tot 'n staat van 'n kompleks, wanneer jy nie daar moet wees nie. Jy moet net alle dinge weghou, en aanbeweeg.

33 En so, dan hoop ek dat, ons gemeenskap hierin versterk sal word, met mekaar. Bid dat God die siek mense sal genees vir wie gebid sal word. En bo alles, elke siel red wat gered kan word. Ek weet nie waar hulle is, wie hulle is nie. So ek net—net soos ek preek, en wat ook al inkom, dis waar ek probeer preek vir hulle. En hoop dat eendag, deur daardie groot Ewigheid, en 'n rustige vallei, miskien nie die Maricopa nie, maar een of ander rustige vallei iewers, ons sal saamwoon, bure dwarsdeur eindelose eeue. Dis hoekom ons hier is.

34 Nou, baie staan. En ek. . . Julle is so aangenaam, ek kan net heelnag praat. En—en so ek weet ons het verskeie dienste, en ek wil nie te veel tyd neem in elke plek nie.

35 Maar as ons net nou ons hoofde eerbiediglik kan buig voor ons die Woord van God oopmaak, en bid.

36 Genadige Hemelse Vader, dit is beslis 'n groot voorreg vanaand om lewendig te wees, om die geleentheid te hê om weereens te getuig voor die Kerk van die lewende God. En soos ek gepraat het voor hierdie mense 'n paar oomblikke gelede, en gedink het aan hierdie groot, yslike, pragtige stad, tog gelaai met sonde soos alle ander stede, ek gedink het soos my seun gesê het: "Wat is die doel dan, pappa?"

37 Ek het gesê: "Seun, regoor hierdie stad is die Kerk van die lewende God versprei. Dis daardie groep wat ons ophou voor God. Dis daardie—daardie heiliges."

38 Soos Paulus na Rome moes gekyk het, met sy derduisende bevolking, en na verskillende plekke waarheen hy gegaan het, sou hy die stad gesien het wat oorgegee is aan afgodediens. Maar daar was juwele in daardie stad, waarvoor hy moes arbei. Hulle rus oorkant, in afwagting vir die algemene opstanding in die laaste dag, wat ons glo op hande is.

39 Ons bid vir elke kerk in Phoenix. Elkeen van hulle, Vader, ons bid dat U U Gees sal uitstort op hulle almal. Mag daar sulke ligte brand vir die Evangelie, totdat dit die ligte van hierdie nagklubs en skelmkroeë sal uitdoof. Skenk dit, Here. Mag die mense se harte so dors word vir U gedurende hierdie tyd van besoek, en mag U ons waarlik besoek, Here. Besoek ons met U Gees, en stort Dit uit op ons op grootmaat, Here.

40 Seën die konvensie wat kom. Ek bid, Vader, dat daar baie sakemanne sal wees, en ander, wat gelei sal word na hierdie groot ondervinding van om Christus te ken deur die doop van die Heilige Gees. Skenk dit, Here.

41 Seën hierdie kerk waar ons vanaand is, sy lieflike pastoortjie, sy—sy hele wese, Here. Dis staan hier as 'n voorbeeld. Dis 'n lig vir hierdie stad, dat mense die weg van waarheid kan sien. Ek bid dat U sy lidmate so sout sal maak dat elkeen in die buurt, en dwarsdeur die stad, sal dors om soos hulle te wees.

42 Nou, ek weet dat U hierdie kerke hier geplant het vir 'n rede. Hulle staan as 'n getuienis teen die bose. En daar is 'n getuienis in hulle dat God regverdig en getrou is. Ek bid dat U hulle oorvloediglik sal seën, Vader.

43 Nou, vir hierdie komende deel van die diens vanaand, sonder twyfel het U alreeds U seën uitgestort op hulle. Ons bid dat U ons sal seën, Here, met U groot Teenwoordigheid. Spreek deur ons, deur die Woord, in die Gees. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

44 Vanmiddag terwyl ek gesit het, gelees het, het my oë op 'n teksie hier geval wat ek dalk wil lees, en sommige daarvan gebruik vir 'n konteks, as God wil. En ek het 'n paar Skrifte en 'n paar notas neergeskryf, waaroor ek 'n bietjie met julle wil praat, tot die eer van God.

45 Nou, julle wat wil blaai, kom ons blaai na Númeri, die 14de hoofstuk, en begin by die 41ste vers. Númeri 14:41, en ons sal lees, soos dit begin.

> *Maar Moses het gesê: Waarom oortree julle tog die* bevele *van die* HERE, *aangesien dit tog nie sal geluk nie?*
>
> *Moenie optrek nie, want die* HERE *is nie in julle midde nie; anders word julle verslaan voor julle* vyand.
>
> *Want die Amalekiete en die Kanaäniete is daar voor julle, en julle sal deur die swaard val; omdat* julle *van die* HERE *afvallig geword het,* daarom *sal die* HERE *nie met julle wees nie.*
>
> *Nogtans het hulle vermetel gehandel om op die top van die berg te klim; maar die verbondsark van die* HERE, *en Moses, het nie uit die laer gewyk nie.*
>
> *Toe het die Amalekiete en die Kanaäniete* wat *in* die *gebergte . . . in dié gebergte woonagtig was, afgekom en hulle verslaan en hulle* verstrooi *tot* by *Horma.*

46 Mag die Here Sy seën voeg by die lees van Sy Woord. Ek wil graag 'n teks van daar af neem, as die Here wil, oor die onderwerp van: *Veronderstel*. Dis 'n . . .

47 Ek is net lief daarvoor om die Woord te lees, omdat ek weet dat Dit waar is. Die Woord is waarby ons bly. Dit moet altyd die Woord van God wees, of ons sal—ons sal die verkeerde pad volg.

48 Daar staan geskrywe oorkant in Johannes, ek dink, omtrent die 15de hoofstuk: "As julle in My bly, en My Woord in julle." Sien? Die Woord in julle bly. Sien? "Vra dan wat julle wil, en dit sal gedoen word." Want, dis nie jy nie. Dis die Woord wat binnein jou is. En die Woord is God, sien, God in jou. God is die Woord. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel."

49 Nou, met die terugkeer van die Heilige Gees, wat die Woord in ons ingebring het, en Dit wat daarbinne gebly het, dan is dit nie jy wat spreek nie, dis die Woord Self wat uitkom. So Dit, die Woord, sal die werk doen.

50 *Veronderstel*, ek het die woordeboek gekry en opgesoek wat die woord *veronderstel* eintlik beteken. Webster sê dit beteken "om op te tree sonder werklike gesag." Om enigiets te *veronderstel*, is "om op te tree sonder werklike gesag, of om vanselfsprekend aan te neem. Om op te tree sonder werklike gesag, of om vanselfsprekend aan te neem. Om iets te doen voordat jy die reg het om dit te doen; sonder die werklike reg om dit te doen."

51 Nou, ons het so pas twee van die belangrikste vakansies gehad, wat ons hier in Amerika ken as die Kerstyd en die Nuwejaar. Dis eintlik nie 'n Kersfees nie. Dis 'n dag wat ons bepaal. Natuurlik, ons besef dis nie die Here se verjaarsdag nie. Hy kon nie gebore gewees het op die 25ste Desember nie, want dis—dis so koud daarbo, skaapwagters kon nie op die heuwel gewees het nie, ensovoorts. En as julle ooit in Judéa was gedurende daardie tyd van die jaar, sou julle geweet het dit was nie—dit was nie in die wintertyd nie. Maar daar word gedink dat dit miskien gedurende April of Mei was, wanneer lammers gebore word. En soos Hy gekom het volgens die hele natuur, net soos die gewone lammers gebore word; Hy was die Lam van God, en Hy is gedurende daardie tyd gebore. Maar ek dink nie Hy gee om watter dag ons bepaal nie, want die eintlike dag is verlore. Maar dis in herdenking van Sy verjaarsdag.

52 In plaas daarvan dat ons dit 'n herdenking en van 'n dag van aanbidding van God maak, dat Hy Sy Seun na ons toe te gestuur het, hou ons 'n viering. Sien? Ons vier Kersfees. En dis nie 'n viering nie. Jy kan Washington se verjaarsdag of Lincoln se verjaarsdag vier. Of een of ander groot man se verjaarsdag, jy mag dit vier. Maar Kersfees behoort 'n dag van aanbidding te wees. Ons het dit omgeswaai en dit een van die grootste kommersiële dae gemaak. Dit bestaan net uit geskenke gee vir mekaar, en gevoelens wat seergemaak word as ons dit nie doen nie, en hulle terugbetaal. En dis net heeltemal verdraaid.

53 En toe 'n paar weke gelede, toe ek en my vrou oorkant in die winkelsentrum was in ons klein dorpie by die huis, het ons 'n gesprek gehoor van twee meisies wat praat. En een van hulle het gesê: "Wel, wat het jy vir moeder gekry vir Kersfees?"

54 "O," het sy gesê: "skat, ek kon aan niks anders dink om vir haar te kry nie. Maar wat sy meer sou geniet is 'n pakkie, o, 'n karton sigarette en *so*, vir moeder." En sy het gesê: "Ek het vir pa 'n kwart whisky gekry." En gesê: "Jy weet wanneer . . . "

55 En sy het gesê: "Wel, ek is bly jy het dit gedoen, skat, want ek het vir hom 'n klomp nuwe pokerskyfies gekry, jy sien."

56 Julle sien, dis Kersfees. Sien? Hoe kan die wêreld baie langer staan, 'n viering? En dan reken ek hulle veronderstel dat dit die regte manier is om dit te doen. Sien? Dis wat hulle behoort te doen. Maar hulle veronderstel dit net. Sien?

57 En hier kom Nuwejaar aan. Na Nuwejaar kom, wel, gewoonlik hou die mense 'n groot Nuwejaarspartytjie. En dan in hierdie Nuwejaarspartytjie, raak hulle almal baie dronk rondom middernag. En ek reken hulle sterf hulle sondes af, om hulle almal te vergeet, wat hulle in die jaar gedoen het. Hulle raak net so dronk dat hulle van al hulle sondes vergeet. En ek reken hulle veronderstel dis die manier om van sondes ontslae te raak. Maar hulle is verkeerd. Dit maak net meer sonde. Jy kan niks regmaak deur nog iets verkeerds te doen nie. So dis net veronderstelling, verdrink.

58 Ek wonder wat mense dink, dat, wanneer, en die plesiere van drink, wat hulle plesier nóém. Wanneer whisky in die gestel inkom, verhit dit die bloed op so 'n manier, dit bedwelm die verstand, die brein, en jy word dof. Jou verstand is so bedwelm dat, met die hitte van hierdie alkohol in die bloedstroom, so sê die dokters, dat dit net soort van jou verstand verdof.

59 Wel, as daar een of ander siekte in jou liggaam was wat jou verstand sou laat verdof, sou jy enige dokter se kantoor soek in die stad, om iets te kry om daarvan ontslae te raak. En tog, vier mense die verjaarsdag van Christus, en probeer hulle verdriet verdrink, deur hulle verstand te verdof. Besef jy nie, my vriend, dat, mense, julle dit moet ontmoet by die Oordeelsbank nie? Julle kan nie wegkom daarmee nie. Maar hulle veronderstel dis die gewone gebruik hier in hierdie volk, is om die verstand te verdof op Kersaand, of op Oujaarsaand, julle verstand te verdof deur te drink.

60 Hulle noem dit: "'n Bietjie—'n bietjie skoon pret. 'n Bietjie plesier wat mense moet hê, om uiting te gee." Wel, as dit al die plesier is wat 'n persoon ooit uit die lewe gekry het, watter plesier sou dit wees? Om jou verstand so te verdof dat jy nie eers weet wat jy doen nie, dit dan plesier noem.

61 Nou, ek kan die mense van die wêreld dit sien doen. Maar wanneer dit kom by die kerk wat dit doen, mense wat hulleself Christene noem, dan wys dit dat daar êrens toegegee is, want dis nie die manier wat jy sondes vergeet nie. Hulle is op God se Boek. En die enigste manier wat daar ooit van hulle ontslae geraak kan word, is te sit in die See van Vergetelheid, die Bloed van Jesus Christus, en dan nie weer teen jou onthou te word nie. Dis die enigste manier. Maar hulle veronderstel dat die regte manier om dit te doen is die gewone manier, wat die mense dit doen.

62 Ons het ook predikers van denominasie, groot denominasies oor die nasie, en hierdie predikers preek die doktrine van hulle denominasie, in die veronderstelling dat hulle presies doen wat

reg is. Baie van hulle, maak nie saak hoe teenstrydig dit met die Skrif is nie, hulle veronderstel hulle doen reg wanneer hulle daardie doktrine preek, laat dit wees wat dit ook al mag wees. Hulle veronderstel dat dit net is wat God verwag: 'n sekere geloofsbelydenis, of 'n sekere verbintenis. Hulle dink dis net al wat God vereis. Hulle veronderstel dat hulle die mense Hemel toe neem deur net by 'n kerk aan te sluit en 'n geloofsbelydenis te preek. Hulle veronderstel dat dit net reg is, dis al wat jy hoef te doen. Wat 'n fout is dit! Dis 'n verskriklike fout, deur dit net te veronderstel.

63 Daar's net een geloofsbelydenis in die Bybel: dis Christus. Sien? Ons hoef Hom net te—te ken, is om te ken, is om Lewe te hê. Buiten dit, is daar geen weg tot die Lewe, buiten om Christus te ken deur jou persoonlike ondervinding met Hom nie, en nie deur by 'n kerk aan te sluit, of 'n geloofsbelydenis op te sê nie. En wanneer ons dit net bring by daardie vlak toestand, dis waarom ons dronk Nuwejaarspartytjies het deur sogenaamde Christene. Dis hoekom ons viering van Kersfees en Nuwejaar het, en ander heilige dae, ensovoorts.

64 Dis hoekom die mense dit doen, is omdat dit al is wat hulle weet om te doen. Wel, sekerlik, as daar iets is wat mense iets op daardie dag wil laat doen, moet daar iets werkliks wees om te doen. Daar is iets iewers wat die regte ding is om te doen, as dit die verkeerde ding is om te doen. Want, daar moet 'n regte van elke verkeerde wees, of dit sou reg wees. So daar moet 'n vir en teen wees, negatief en positief.

65 Daar moet 'n egte dollar wees waarvanaf 'n vals dollar gemaak is, of die vals dollar sou die egte dollar gewees het. En wanneer ons 'n—'n—'n denominasie sien, of 'n—'n groep mense wat honger na iets, en hulle gaan in die kerk in, en—en hulle sluit by die kerk aan, wys hulle dat daar iets is waarvoor hulle honger.

66 Die menslike siel roep uit na iets. Dit weet daar is iets wat dit hierheen gebring het. Hulle . . . Dit weet dat daar iets is wat—wat anderkant hier is. Hulle weet dat hulle uit die nag uitgekom het, en hulle gaan terug in die nag in. En hulle wil weet waarvandaan hulle gekom het, en waarheen hulle gaan. Nou, as daardie honger daarin is, kan jy dit nooit kry deur jou verstand te verdoof nie.

67 Julle weet, ek het gehoor iemand was in 'n diens hier, 'n tyd gelede. Iemand het gesê: "Laat jou verstand nou net dof word. Kyk reguit op in die lug. Laat jou verstand dof word. Jy sal 'n ondervinding kry." En sonder twyfel kry jy. Dis reg. Maar, jy kry 'n ondervinding, maar watter ondervinding? Julle sien, wanneer julle dit doen, maak jy net jou siel oop vir Satan. Hy sal jou iets gee. Dis waar.

68 Maar, ek dink, 'n persoon wat na Christus toe kom, behoort te kom met al die intelligensie wat hulle het, en elke belofte in die Skrif aanhaal in hulle verstand, wanneer hulle na Hom toe kom.

Hou jou verstand helder, wanneer jy na Christus toe kom. Moenie dat dit dof word nie. Die duiwel sal jou enigiets laat doen. Sien? Hulle sal jou 'n sensasie gee. Hy kan dit ook doen. Maar jy wil 'n ondervinding hê, iets wat die Bybel leer, iets wat werklik is.

69 Dan gaan hulle weg, met die veronderstelling: "Wel, 'n senuweetjie het geskud. Ek het 'n lig voor my gesien," of—of so-iets. "Ek het Dit." En hulle lewe nooit enigsins anders nie. Hulle gaan reguit uit.

70 Baie van hulle kom op en sê: "Ja, ek sê *hierdie* geloofsbelydenis op. Ek glo dat ek nou reg is." Nou, jy veronderstel dat jy reg is. Jy dink net jy is.

71 Nou, wanneer hulle dit doen, dan kom mense en sluit by hierdie kerk aan, in die veronderstelling dat hulle doen wat reg is. En baie van hulle word net gevra om 'n—'n geloofsbelydenis te aanvaar, om daarvolgens te lewe. Sprinkel 'n bietjie water op hulle, en maak hulle kerklidmate, en dan is hulle reg. Daardie mense gaan uit, eerlike, goeie mense, in die verondersteling dat hulle op hulle pad Hemel toe is.

72 Nou, dis waar die probleem kom. Opreg-denkende mense glo dat, as hulle in 'n sekere toestand ingebring word, of 'n sekere plek, of om 'n sekere belofte te maak, of so-iets, dat dit al is wat God vereis. Onderhou 'n gebod, of lewe volgens die tien gebooie, of so-iets, een of ander goeie daad verrig, sosiale guns, die buurman iets gee. Hulle veronderstel dat dit godsdiens is, en dis al wat hulle hoef te hê. Maar hoe verkeerd is dit.

73 Nou ons lewe later as wat ons dink. Jaar na jaar, te kom na Phoenix en ander plekke, wonder ek of ons hier sal wees vir die volgende jaar. Ek wonder dan, wanneer ek vertrek: "Het ek . . . Was ek eerlik? Het ek alles uitgelê net so duidelik as wat ek geweet het om Dit uit te lê? Here, het ek U instruksies gevolg? Het ek een ding teenstrydig met U Woord gesê, of het ek elke woord reg op U Woord gehou? Want, hierdie selfde mense sal saam met my in die Oordeel staan, en ek sal rekenskap moet gee vir wat ek gesê het terwyl ek by hierdie sekere plek was, waar dit is."

74 Maar die mense, na, hierdie predikers, glo ek, wat veronderstel, na soveel geleerdheid en 'n graad behaal het ensovoorts, en die geloofsbelydenis van 'n kerk geleer het, en gaan weer uit en kry 'n pastorale werk, en, ek glo, met eerlikheid en opregtheid, net so opreg as wat enigiemand kan wees. Maar opregtheid is nie wat dit waar maak nie. Dit, dit is nie die hele Waarheid nie. Ek het gestaan toe ek . . .

75 Hier nie lank gelede nie in Indië, en hulle gesien met 'n afgod met robyne in die ore, wat duisende dollars werd was, en 'n afgryslike gesig daarin, met groot oë. En die priesters heilige water oor 'n man sien gooi, met sy liggaam vol vishoeke met klein waterballetjies wat daaraan hang. En—en gesien hulle neem 'n —'n sloot van vuur, omtrent dertig tree lank, miskien tien-voet

wyd, en 'n paar-voet diep, net wit vuurkole, en die man sien met al hierdie marteling. En miskien met sy lippe, as hy gelieg het of oneerlikhede gedoen het, wat boete doen, sy tong uitsteek en dit aan sy neus vaswerk, en spiese deur sy bo-lip steek, dit uitbring deur sy voorkop hier, en dit uitsteek soos *daardie*. Allerhande verskriklike dinge! En die priesters gooi heilige water op hom, om . . . en dan maak hulle 'n bok dood, om 'n bloed-offer te maak. Om deur daardie vuur te loop, veronderstel dat hulle die wil van God doen, en hulle is opreg. Hulle is opreg.

76 Onder in Afrika, hulle klein kindertjies sien neem, net klein, vet, swart babatjies, klein outjies, en neem . . . Die toordokter sou die messe vat en hulle sny, en daardie inkbessie-goed in hulle gesigte invryf, en hulle skend, en die klein dogtertjies kastreer, ensovoorts, om maagde van hulle te maak. En allerhande aanganery soos daardie, met die diepste opregtheid. Sekerlik, hulle doen dit. Val voor afgode, en gee selfs hulle lewens in die diepste opregtheid. Maar opregtheid doen dit nie. Hulle veronderstel dit is reg. Hulle dink net dis reg.

77 En julle, ons sien neer op hulle, en ons dink hulle moet anders geleer word. Maar ons in Amerika is net so erg, en, indien enigiets, slegter daaraan toe. Dis waar. Ons veronderstel. Ons neem dit as vanselfsprekend aan. Ons gaan oral sonder die werklike gesag om dit te doen. Daar is geen gesag in die Bybel vir 'n Christen om te drink, dobbel, lieg, fuif nie.

78 Mense sluit by hierdie kerke aan en gaan net dieselfde aan. Hulle sluit by hierdie kerke aan. Vroue sny hulle hare, dra kortbroeke, rook sigarette, sekerlik, gaan net aan. Hulle dink dis reg. Hulle veronderstel dis alles reg. Maar dis nie reg nie. Dis nie reg nie. Nie met 'n miljoen myl, is dit reg nie. God se Woord ondersteun dit nie. Dit is teenstrydig daarmee, maar hulle veronderstel dit is reg.

79 Iewers hierbuite op die Weskus. Nou, hierdie is nie nou oor op die Presbiteriane nie. Hierdie is die Pinksters, en 'n groot goeie kerk, wonderlike organisasie, maar hulle is so ver van die Woord af. Hierdie dame het lang hare gedra. Sy het dit gedra in 'n klein ronde dingetjie agterop haar kop. En, hulle, hulle sou na haar toe gaan, sê: "Haai, jou band is pap, aan die agterkant." Hulle . . . En hulle almal het haar gespot. Selfs die pastoor het vir haar gesê sy moet haar hare laat sny omdat dit anders was.

Sy het my gevra. Sy het gesê: "Broer Branham, wat daarvan?"

Ek het gesê: "Hy het vir jou iets verkeerds gesê."

Ons Pinkstersusters doen dieselfde ding, soos die wêreld.

80 Iemand het gesê, nou die dag, gesê: "Broer Branham, mense beskou jou as 'n profeet. Hoekom op aarde leer jy nie daardie mense hoe om geestelike gawes te ontvang nie? Los uit die manier

wat daardie vroue aantrek en daardie mans optree. Los dit uit. Jy het geen besigheid om dit te sê nie. Leer vir hulle groot, diep, geestelike dinge."

81 Ek het gesê: "Hoe kan ek vir hulle algebra leer, wanneer hulle nie ABC ken nie?" Hoe kan jy vir hulle 'n kollege geleerdheid gee; hulle nie eers uit kleuterskool uit is nie? Het nie eers gewone ordentlikheid om hulleself skoon te maak en soos Christene op te tree, en aan te trek soos Christene, en te lewe soos Christene nie, en dan te praat van geestelike gawes. Kom uit die kleuterskool uit. Hulle veronderstel dat dit reg is, maar dis verkeerd. Julle behoort dit nie te doen nie. Julle moeders, wat jare gelede in Pinkster was, het dit nie gedoen nie. Maar hulle doen dit.

82 En julle mans, hoe staan julle, dat julle vroue dit doen? Julle is steeds in die kleuterskool. Sien? Dis reg. Julle veronderstel dat dit reg is, maar dit is nie. Julle sê: "Wel, vrou sal *hierdie* en *daardie* doen." Jy's die hoof van die huis. God het so gesê. Ja.

83 Jy veronderstel net dis reg omdat die res van hulle dit doen. Ek gee nie om wat die res van hulle doen nie. Dis wat God se Woord sê. Dis wat die Waarheid is.

84 Veronderstel dit net. Sien? Julle sê: "Wel, ek reken dis reg, die—die pastoor."

85 Ek gee nie om wat die pastoor sê nie. Die Woord is reg. Die Woord is wat reg is. Sien? Moet dit nie veronderstel nie. Jy sal in die moeilikheid beland. Doen net wat die Woord sê om te doen. Ja, meneer.

86 Die mense, hulle—hulle hou in elk geval aan om dit te doen, maar hulle veronderstel hulle is reg wanneer dit nie is nie.

87 Mense sê: "Wel, Hy's te goed. Hy, Hy's te goed om dit te doen. God is so goed."

Ek glo dit. Ek glo God is goed.

88 'n Tienerseun het gesê, nie lank gelede nie, in ons dorp, ons stad. Hy het gesê: "Weet jy wat?" Hy het gesê: "God is so goed, Broer Branham." Hy het gesê: "Jy weet, God is so goed, Hy laat my net enigiets doen." Hy het gesê: "Hy gee nie om nie. Hy gee nie om nie, want Hy's net so goed vir my." Onsin!

89 God is 'n goeie God. Ons hoor soveel van Hom as 'n goeie God, en ek glo Hy is 'n goeie God. Dis reg. Hy is 'n goeie God. Maar as Hy 'n goeie God is, moet Hy 'n regverdige God wees. Hy kan nie vir ons 'n gebod gee om iets te doen, en ons verontagsaam dit en verwag om die Oordeel vry te spring nie. Hy is ook 'n God van toorn, 'n God van oordeel. Dis wat Hom 'n goeie God maak, omdat Hy Sy Woord hou. Hy waak Daaroor.

90 So ons kan nie verwag om verkeerd te doen, hierdie dinge wat ons doen, en weg te kom daarmee nie. Nee. Ons net . . . Hy's nie te . . . Hy's nie so . . .

91 Hy is goed. Dit is waar. Ek wil nie hê julle moet my verkeerd verstaan nie. Maar, God is 'n goeie God. Dis presies reg.

92 Maar, onthou, die enigste manier wat Hy goed kan wees, is om regverdig te wees. En as Hy regverdig is, moet Hy Sy Eie gebooie onderhou. En as Hy Sy gebooie onderhou, is dit verkeerd vir Christene om saam te gaan met die wêreld. Dis verkeerd. Ons moet dit nie doen nie. Ons moet 'n verskillende persoon wees.

93 En ons gaan net uit, met die veronderstelling sonder werklike gesag. God se Woord gee ons die gesag, en dis die gesag waarop ons moet staan, is wat God gesê het.

94 Hier het Israel veronderstel dat hulle reg was. Hy was 'n goeie God, waar ek pas gelees het in Númeri. Hy was 'n goeie God. Hy het onder in Egipte ingegaan, en hulle uit gevangenisskap gebring. Sekerlik. Hy was 'n goeie God. "Wel, Hy het selfs die—die manna uit die hemel op ons laat reën." Goeie God, sekerlik. Dit was baie goed.

95 Maar toe, toe dit gekom het by 'n tyd wat Sy Woord vervul moes word, toe dit by Kades-barnéa gekom het, en die spioene teruggekeer het met die bewys van die oorkantste land, toe het hulle veronderstel dat dit reg sou wees om dit te omseil. God was kwaad vir hulle.

96 En Moses het gesê: "Moenie daar na die Amalekiete toe gaan nie, want julle het nie vervul wat God vir ons gesê het om te doen nie." Sien?

97 Die opdrag was: "Ek het vir julle daardie land gegee. Gaan, neem dit in."

98 En hulle het teruggekom met die bewys daarvan, maar hulle het dit betwyfel. Hulle wou terugloop, en liewer teruggaan na Egipte, as om aan te gaan en dit in te neem, omdat hulle bang was.

99 Soveel mense is bang vandag, dat iemand, jou buurman, iets teen jou gaan sê.

100 Baiekeer is die pastoor bang om iets te sê, wat, van die Evangelie. "Ek is bang ek gaan iemand se gevoelens seermaak." Hulle moet seergemaak word. Dit moet seergemaak word.

101 Partykeer is die—die—die vroue bang, sê: "Broer Branham . . . "

102 Net soos hierdie arme siel, sy het gesê: "Ek is bang om te laat . . . As ek nie my hare sou afsny nie, sal my—my man en die res van die vroue . . . "

103 Wel, broer, moenie veronderstel oor daardie dinge nie. Neem die Woord van God daarvoor. Weet jy jy het 'n siel wat gered moet word? Besef jy die dood verander nie daardie siel nie? Die dood verander niks behalwe sy woonplek nie, wat dit ook al is wanneer dit jou verlaat.

104 Ons gaan na ’n begrafnisondernemer. Ons voel jammer vir die—die persone wat dood is. Partykeer wil ons dink aan die beste dinge wat ons kan vir hulle. Dit is reg.

105 Maar Jesus het so streng gesê: “As iemand nie wedergebore is nie, sal hy op geen manier ingaan nie.” So daar’s geen half-lyn nie.

106 Jy veronderstel hy het Hemel toe gegaan. Maar, volgens die Woord, het hy dit nie gedoen nie. Sien, jy veronderstel net hy het. “Wel, hy was ’n goeie kerklidmaat. Hy het goed gedoen aan die bure.” Dis goed. Ons glo dit. Dis goed. Niks om teen daardie deel te sê nie.

107 Maar het julle besef wat die mense uit die beloofde land uitgehou het? Hulle was grenslyn-gelowiges. Hulle het so ver gegaan, maar wou nie verder gaan nie.

108 Dis hoe mans en vroue, mense vandag maak. Hulle sal so ver in God gaan. Hulle sal sê: “Ja, ek sal—ek sal glo. Ek sal—ek sal gedoop word. Ek sal *dit, dat*, of die *ander* doen, enige reëls wat die kerk neergelê het.” Maar wanneer dit kom by alles oorgee aan Christus, jou lewe en alles, dis waar die lyn lê.

109 Dis wat mense laat sê: “Wel, ek kyk na die res van hulle.” En hier aan julle ouer Christene, aan die jonges. Die jonger vroue kyk na die ouer vroue, die jonger mans kyk na die ouer mans, en sien hoe jy jouself gedra, om te sien wat jy doen. En hulle veronderstel dat hulle reg is, is omdat julle optree soos wat julle optree.

110 Nou, as die Pinksterkerk regtig sou lewe volgens sy standaard, as dit sou lewe waarop dit aanspraak maak om te hê, dan sou die wêreld dors daarna. Maar wanneer hulle die Pinksterkerk sien toegee, op net soveel dinge, amper, as wat die wêreld het, dan veronderstel hulle hulle is net so goed soos wat julle is. Dis reg. Dis reg. Hulle het ’n reg. Sien? Maar ons moet wegkom daarvan. Ons kan dit nie veronderstel nie. Ons moet oplyn met die Woord. Was altyd . . .

111 Nou is dit amper ’n onmoontlike ding om mense te kry om te bid, vas, die Here aan te roep. Lyk asof die kerk so lomerig, lui geraak het in hierdie laaste dae, so jammerlik. En ek haat dit om net te kom en aan te hou wakker maak, en te preek, en hierdie dinge te sê. Maar, broer, suster, dis die waarheid. Ek kan dit net nie hou nie. Dis die Evangelie, en dit moet gepreek word. Dit moet gepreek word as ’n getuienis. Dis waar.

112 So ek dink dat ons net te veel veronderstel. Ons veronderstel, omdat ons ’n ondervinding gehad het. “Vyf jaar gelede, Broer Branham, het ek eendag in die straat afgestap. En die Heilige Gees het my net geseën, en ek het in die straat afgehardloop. Ek—ek het gedink: ‘Here, U moet my êrens heen neem, want ek gaan my wangedra op straat.’”

113 Miskien was jy buite in die kerk, en jy het 'n ondervinding gehad. Jy het in tale gepraat, en gedink: "Wel, dis goed. Ek kan nou voortgaan, en oukei, ek sien die res van hulle *hierdie* doen." Jy veronderstel dit net.

114 Israel het daardie ondervindings gehad. Israel het uit Egipte uitgekom. Israel het tekens, en wonderwerke, en wonders die heeltyd langs hulle pad gesien. Hulle het deur die Skelfsee gegaan, soos op droë grond. Hulle het manna uit die hemel sien val, elke aand. Hulle het die seëninge van God op hulle lewe gesien. Maar toe het hulle nagelaat, om een van God se gebooie te gehoorsaam, en wat het gebeur? Die seëninge is afgesny van hulle. En hulle het veronderstel omdat God so goed was, sou Hy net verder voortgaan, om goed te wees. Maar God kan dit nie doen nie.

115 Ek dink ons het daardie punt bereik. Ons het by 'n Kadesbarnéa gekom, waar ons . . . waar God vir die opdrag gegee het aan die—die kerk om te stop, en terug na gebedslewe, terug na 'n toewyding, terug na 'n plek waar ons onsself wegsluit van die dinge van die wêreld, en weg van ons kleinlike verskilletjies onder ons; en—en—en terugkom by God, en broederlike liefde, en nederigheid, weer terug na die krag van God. Sien? Ons is net . . .

116 Ons, ons veronderstel net ons gaan goed aan, omdat God seën. Dit—dit, Hy het Israel waarskynlik dieselfde dag geseën wat hulle geweier het om daarnatoe te gaan en die beloofde land in te neem. Dieselfde dag wat hulle die spioene nie geglo het nie, die manna het net dieselfde geval daardie nag. Maar hulle was heeltemal buite die wil van die Here. Hulle kon nie nog 'n geveg wen, totdat hulle teruggekom het en—en dinge reggemaak het met God nie. Nou dis . . . Ek dink dis tyd vir die kerk om weer terug te kom by God. Gaan terug en begin soos wat dit moet gaan, sodat ons kan voortgaan in ons—ons reis.

117 Tog, hulle het geweet God was 'n goeie God. Hy was vol genade. Hy het hulle genade gegee. Hy het vir hulle Sy heerlikheid gewys. Hoe daar nie was . . . Selfs hulle skoene het nie deurgeloop nie. Hulle klere het nie verslete geraak nie. En manna het uit die hemel geval, elke aand. Hulle het die heelpad wonderwerke en tekens gesien, van die Teenwoordigheid van God met hulle. Tog, het hulle veronderstel dat, omdat God dit gedoen het, kon hulle daar opgaan en daardie berg inneem.

118 Hier is dit, wanneer, as ons geestelike gawes in die kerk wil hê, as ons die krag van God wil hê, en die regte krag van God. Nou, ek sê jou, broer, suster, dis so maklik vir iemand om mislei te word daaroor, sensasies en dinge. Die duiwel kan amper elke sensasie naboots wat God het. Sien?

119 Maar, julle sien, ons kerk beweeg nie soos wat dit behoort te beweeg nie. Ons weet daar is iets verkeerd. Sien? En ons weet dan, dat God nie met ons sal wees totdat ons, wat dit ook al

is, uitgesorteer het nie. So dis tyd om na te gaan, die dinge te sien wat ons behoort te doen, en watter dinge ons nie behoort te doen nie, en dan gereed te maak en voort te gaan. Dis alles reg, seëninge.

120 Simson, wel, Simson was ’n groot man. Hy is ’n Nasareër gebore vir die Here. Hy het sy sewe haarlokke gehad wat om sy skouers gehang het. Hy het bewys deur sy teken dat hy ’n —’n—’n Nasareër vir die Here was. En God was goed, al het hy weggehardloop van sy ouers af, en afgegaan, en begin uitgaan met ’n Filistynse vrou. En dit was teen die tradisie, of teen Israel, om ooit te lol met ’n Filistyn. Maar hier was hy, afgegaan soontoe. God het net aanhou genadig wees teenoor hom; was alles reg. En toe het hy . . .

121 Sy het hom probeer verlei vir sy geheim. In plaas van reguit uit te kom en haar te sê om nie so-iets soos dit te doen nie, dat hy ’n Nasareër vir die Here was en hy dit nie sou vertel nie, het hy vir haar gesê: “Bind my hande vas.” Vir haar gelieg. Sien? En God het sy leuen vergewe. En hy het die bande gebreek, en aan en aan soos dit. Totdat hy, uiteindelik, eenkeer veronderstel het hy kan enigiets doen wat hy wou, daarmee wegkom.

122 Dis wat die probleem is, veronderstel dat ons enigiets kan doen en net daarmee wegkom. “Ons is Pinkstermense, julle sien, ons kan net enigiets doen en daarmee wegkom.” Julle kan dit nie doen nie. Julle kan dit nie doen nie.

123 Ons kan nie net aangaan omdat ons ’n groot organisasie is nie. Dank die Here daarvoor, vir ’n groot organisasie. Dit word waardeer. Maar ons kan nie net aangaan, sê: “Ons het meer lidmate as die volgende kêrel, en daarom is hy nie in die wedloop nie, en ons kan maar net aangaan nie. Ek sê jou, ons gaan ophou *hiermee*, en ophou om *daardie* te doen. Ek dink, wel, ek dink *hierdie* is outyds. Ek—ek dink nie ons moet daardie bidure hê, en al daardie aanganery nie. Ek dink nie ons moet dit doen nie.” Jy veronderstel net.

124 Ek sê julle weer, in plaas van preek, soveel van ons studente hiernatoe te neem, en hulle vol teologie en sulke dinge te stop, dink ek dit sou beter wees om hulle in ’n bo-vertrek in te neem soos wat hulle altyd het ’n lang tyd gelede, vir ’n ondervinding.

125 Hudson Taylor het eenkeer gesê, die groot sendeling na Indië. ’n Jong Indiërseun is bekeer, hy is gevul met die Gees van God. Hy het gesê sy gesig het geskyn soos ’n—’n lig. En hy het ingekom, gesê: “Mnr. Taylor, nou glo ek sal ek skool toe gaan, en my vier jaar neem wat ek misgeloop het in die kollege.” Hy het gesê: “Dan dink ek gaan ek studeer, en my Baccalaureus Artium kry, en binne ’n paar jaar sal ek in staat wees om—om uit te gaan en die Evangelie te verkondig.”

126 Mnr. Taylor, die beroemde Christen wat hy was, hy het gesê: “Seun, gaan met wat jy nou het.” Dis reg. Gesê: “Begin Lig gee

wanneer die kers aangesteek is, nie wanneer dit half gebrand is nie." Dis reg. Vertel wat jy weet. Jy geen ondervinding het nie, kan jy niks vertel nie.

127 Maar wat ons nodig het, is—is "kom terug na God." Dis waar. Sien, ons moet weer terugkom na daardie ondervinding, na die ding wat ons skoonmaak, binne en buite. As die binneste regkom, sal die buitenste vir homself sorg. Dit sal neem . . . Dit sal outomaties gedoen word. Uh-huh. Ja, meneer.

128 Simson het gesê: "Wel, ek sal net opstaan, en myself skud, net soos wat ek altyd gedoen het. En dan, wanneer ek dit doen, sal God daar wees. Ek veronderstel net Hy is daar." Maar hy het uitgevind dat Hy weg was.

129 Weet julle wat? Ek glo die kerk moet weer teruggaan na heiligheid, behoort terug te gaan na die regte manier van lewe. Sien? Ons veronderstel dan, omdat ons die Gees ontvang, omdat ons gedans het in die Gees, omdat ons hierdie dinge gedoen het wat ons gedoen het, en God ons geseën het, en ons die genesingsdienste gesien het, en ons die herlewings gesien het, ensovoorts, reken ons net dat dit alles reg is.

130 Nou, wanneer ons dit doen, sal ons navolg, gevestig raak, omdat ons 'n groot gebou het, ons 'n mooi denominasie het, ons al hierdie het. Ons het die hoogste klas *hiervan*, die beste kerk in hierdie stad, en al hierdie dinge, totdat ons die wêreld kan inbring en sê: "Sien, ons klavier, ons orrel, en ons *so-en-so*, is net so goed soos julle s'n. En ons—ons banke is, kerkbanke is net so goed soos julle s'n. Ons prediker, net so hooggeleerd soos julle s'n." Ons veronderstel dat God steeds met ons is, wanneer Hy nie is nie. Sien? Julle moet dit onthou.

131 Wanneer ons die wonderwerke en die tekens en wonders van God begin sien, ons die krag van God sien afkom, en mense dan anders sien lewe, hulle lewens skoonmaak. Kragsaag-humeure, humeurig, stry-en-baklei, en baklei met mekaar, "lidmate onordelik," dis reg, allerhande sonde onder ons, ongeloof.

132 Iemand preek die Woord van God, en sê: "God sê jy moet wedergebore word. As jy nie kan nie, kan jy nie eers inkom nie."

"Ek verskil daarvan."

133 En sê jy het die Heilige Gees? Die Heilige Gees sal nie Sy Eie Woord ontken nie. Moet by daardie Woord bly, want Hy is die Een Wat Dit gespreek het. As ek 'n woord spreek, en dan ontken wat ek gesê het, dan is my woord niks werd. Die Heilige Gees moet bly by wat Hy gesê het. En hierdie Woord wat *Hier* geskryf is, is die Woord van die Heilige Gees. Ek glo dit. Dis reg. Nou vind ons uit dat God . . .

134 Nodig, ons het meer heiligheid nodig. Ons het nodig om gereinig te word, ons kerke.

135 Simson, hy het gedink: "Wel, ek sal—ek sal net . . . " Soontoe gegaan en gelewe saam met hierdie prostituut, en alles. "Toe het sy my uiteindelik gesê om *hierdie* te doen, en ek het uiteindelik weggekom daarmee, en toe *dit* alles. En, o, ek—ek het regtig vir haar die waarheid vertel, dat hier is waaroor dit alles gaan. Dit was soos *hierdie*, en ek—ek dink dit sal alles reg wees. Ek veronderstel Hy is met my." Maar toe hy opgestaan het en homself geskud het, het hy uitgevind dat sy krag weg was.

136 Ek dink vandag, broer, wanneer ons rondkyk na ons kerke op die manier wat hulle aangaan, is dit tyd om onsself te skud. Iets is verkeerd. Ons veronderstel dat ons goed aangaan. Ons veronderstel dat ons goed vaar.

137 Soos wat ek gepreek het, nie lank gelede nie, met een van ons sakemanne, ons broers, ek gesê het in 'n sekere byeenkoms waarin ons was, oor die see. En die broers was daar, en hulle het 'n byeenkoms gehad. En hulle het vertel van hoe die Here hulle geseën het. En hulle het 'n klein besigheid gehad op die hoek, en hulle het hulle lewe aan Christus gegee, en nou het hulle 'n vloot Cadillacs.

138 So ek het vir die broers gesê, ek het gesê: "Moenie dit sê nie. Dis teenstrydig. Dis nie hoe die eerste pinksters gemaak het nie. Hulle het ontslae geraak van wat hulle gehad het en vir die armes gegee. Daardie mans is sakemanne. Hulle besit fabrieke, en al die res. Julle moet vir hulle iets gee waarvan hulle nie weet nie."

139 Dis wat fout is met die kerk. Ons kry die helder ligte en alles, en die . . . en amper 'n honkie-tonk in die kerk. Ons probeer kompeteer met die wêreld. Jy kan dit nooit doen nie. Ons moet die ker- . . . uitnooi, die wêreld na die kerkgronde, nie uitgaan op hulle grond nie. Ons kan nie kompeteer met hulle daar nie. Maar ons het iets wat hulle nie het nie. Dis wat ons wil hê. Dis die ding. Ja, meneer. Ding wat ons vir hulle wil wys, is Christus in ons lewens, die krag van die Heilige Gees, sien, hulle iets wys wat hulle nie het nie. Laat hulle op ons grond kom. Hulle Christus wil hê, kom op hierdie grond. Maar moenie soos hulle maak en optree soos hulle nie. Dis verkeerd.

140 Dis waar Simson 'n fout gemaak het. Hy het gegaan van Palestina af, onder na die Filistynse land. Hy het afgegaan met die verk- . . . van sy eie gronde af. En hy het uiteindelik, eenkeer, met die veronderstelling dat God saam met hom was, en God het hom verlaat.

141 Agan, wel, hy het daardie klein stafie geneem en daardie Babiloniese kleed, wel, het hy gedink, hy het veronderstel dit sou nooit gesien word nie. "Wel, wat is dit? Net 'n ou kledingstukkie. Ek sal dit *hier* onder insteek, en waarskynlik sal my familie dit nog lank geniet. Ek het 'n staaf gekry. As ons ooit in 'n moeilike posisie beland, so ek het 'n—'n staaf van goud gekry. Niemand sal dit sien nie. Draai net die ding toe, en sit dit onder my

jas in, en gaan aan." Hy het veronderstel dat dit alles reg was, veronderstel.

142 Maar God se gebod was: "Moet niks uit daardie vervloekte stad neem nie. Moenie enigiets by jou hê wat vervloek is nie."

143 Hoe kan ons dan sigarette rook? Hoe kan vroue hulle hare sny? God sê dat, as hulle dit doen, is dit verkeerd? Hoe kan julle hierdie ou langbroek van 'n ding dra wat hulle dra? Wanneer, God gesê het: "'n Vrou wat klere aantrek wat aan 'n man behoort, dis 'n gruwel in Sy aangesig." God verander nie. Hoe kan ons dit doen? En dis net in die veronderstelling dat dit reg is. Dis nie reg nie. Dis nie reg nie. Ons Pinkstervroue iets soos daardie doen, beter julle stop en nagaan, jouself skud, terugkyk. Moenie daardie dinge veronderstel nie, want julle is verkeerd, absoluut verkeerd.

144 Die Egiptenare, toe hulle agter Moses en die Israeliete aangekom het, het hulle Moses regdeur daardie see sien marsjeer, daaroor loop, elke Israeliet. Hulle was besny en toegewy aan die Here. Hulle . . . die gebooie van God was met hulle. Die tekens van God het hulle gevolg. Hulle het regdeur die see geloop. Daar was geen fout nie. Die Egiptenare het gestaan en kyk hoe hulle dit doen.

"Wel," het hulle gesê: "Ek veronderstel, as hulle dit kan doen, kan ons ook."

145 Nou, ons kyk terug en sien die Pinksterkerk aan die begin. Ons dink aan die Pinksters, dertig, veertig jaar gelede. Ons dink aan die Pinksters na die Niceense raad. Ons dink aan hulle in die vroeë eeue van Irénaeus, Sint Martin, Columba, Justin, Polycarpus, al daardie heilige manne. En ons voel dat, deur na hulle te kyk, dat ons dieselfde seëning het wat hulle gehad het, so ons voel ons kan net reguit voortgaan soos wat hulle het. Ons voel dat ons dieselfde dinge kan doen wat hulle gedoen het. Maar ons kan dit nie onder hierdie omstandighede doen, onder hierdie toestande waarin die kerk nou is nie.

146 Kyk wat daardie manne gedoen het. Kyk wat daardie kerke gedoen het. Wat 'n opoffering dit was! Wat hulle moes prysgee! Hoe hulle hulle lewens as niks geag het nie. Hulle het op hulle aangesig gebly, dag en nag, in gebed tot die Here. Hulle het oral gegaan waar hulle kon, in die soeke na elke—elke hoek en draai waarby hulle kon uitkom, en getuig van die Koninkryk van God, aan die mense.

147 En, vandag, verwag ons net dat die pastoor dit in sy aktetas moet bring, of die evangelis, en: "Prys God! Ek behoort aan die kerk." Dis dit. Sien? "Ek's 'n lidmaat daar. Ek's net . . . Ek glo in hierdie kerk. Hierdie, hierdie kerk is reg." Sekerlik. Gebou mag reg wees. Mag niks verkeerd wees nie, geen termiete of enigiets daarin nie.

148 Maar wat van die gebou, die ander gebou? Watter soort termiete het dit daarin? Sien? Dis die ding wat ons dalk probleme gaan gee. Sien? Die termiete wat in die siel sal invreet. O, hoe ons moet nagaan, in plaas van veronderstel—in plaas van om te veronderstel dat ons reg is. Ja. Ja.

149 Daardie onbesnede Egiptenare, hulle het gedink: "Ons sal net regdeur die see gaan soos wat hulle het," en hulle het hulle lewens verloor.

150 Agan het gedink: "Hierdie ou stafie, dit sal geen verskil maak nie." "Die res van die dames sny hulle hare. Ek sal dieselfde ding doen. Dit sal geen verskil maak nie." Maar wat het dit gedoen? Dit het nooit enige plesier vir sy familie gebring nie. Dit het die dood vir hulle almal gebring.

151 En wanneer ons toegee op enige gebod van God, om die mense te behaag, maak ons die ding net daar dood. Een klein wiggie, een Babiloniese kledingstuk, het die marsjerende leër gestuit. Broer, een ding wat ons die kerk toelaat om te doen, wat verkeerd is, een ding waaroor ons nie sal uitroep, en mense laat regmaak nie, dit sal die opmars van die kerk stuit.

152 Hulle veronderstel hulle gaan aan. Ons mag wees, in naam. Ons mag wees, in getalle. Dis nie wat tel nie. Dit is nie wat tel nie.

153 Dis God met ons, God in ons, God wat deur ons beweeg, Sy Woord lewendig in ons.

154 Moet dit nie veronderstel nie; *weet* jy dit. Kyk hoe dit jou laat leef, die houding wat jy teenoor sonde inneem, hoe alles. . . Wel, dink jy aan 'n heilige God? Het julle ooit gedink dat daardie Een, jy in Sy Teenwoordigheid gaan staan en rekenskap gaan gee vir hierdie Woord, en vir Christus? Wanneer, God so heilig is, oorkant in Ewigheid sit, wanneer tienmiljoen sonne swart kolle voor Hom sou wees. So heilig, dat, selfs die Engele vuil lyk, voor Sy aangesig. Engele voor Hom, is vuil.

155 Jy verwag ek en jy, met Sy Woord en die Bloed van Sy Seun om ons te reinig van sonde, en regoor Sy gebooie loop en uitstap in die wêreld, en verwag om sonder blaam daar te staan, wanneer jy beter geweet het as om dit te doen?

156 Kerk beter regruk. Moenie, moenie dat ons hierdie veronderstel, omdat ons 'n groter getal is as wat ons altyd was, en ons finansieël beter daaraan toe is as wat ons altyd was nie. Ons het beter geboue as wat ons altyd gehad het. Ons sou beter aantrek as wat ons altyd het. Ons het. . . Ons het beter motors as wat ons altyd gehad het. Maar, o, broer, ek wonder oor Christus: Hoeveel is Hy met ons? Sien? Dis die ding. Ons veronderstel net. Ja, meneer.

157 Die onbesnedenes kon dit nie doen nie. Dis reg. Hulle het verdrink in die see.

158 In die dae van Noag, toe Noag daardie groot boot gebou het wat die getye sou trotseer, wel, sonder twyfel het baie van die kerklidmate van daardie dag gesê: "Wel, daardie fanatikus! Wat as dit wel gebeur? Wat as dit wel gebeur? Wat as daar wel 'n storm kom? Ons sal in *ons* boot klim en ry. Ons boot is net so goed soos hulle boot. Ons boot sal net so goed soos hulle boot dryf, of dit God-gebou is of nie."

159 Dis wat die mense van Noag gedoen het . . . om dit vandag te doen. Hulle sê: "Ek behoort aan *hierdie* kerk. Ek het *hier* oorkant aangesluit. Dis net so goed soos enige van hulle."

160 Wel, broer, as ons nie op die Woord is nie, en die Woord nie in ons is nie, veronderstel ons net ons is reg. Onthou, toe die vloede gekom het, het net die God-geboude boot gedryf. Hulle het veronderstel hulle sal reg wees. Maar om te veronderstel jy is reg, en om wel reg te wees, is verskillend.

161 Jy sê: "Broer Branham, jy plaas ons hierbuite iewers in 'n netelige posisie. Nie waar nie?"

162 Nee. Ek wil net vir julle wys voor wat julle te staan is. Sien? Dan sal ons tot die redding kom net binne 'n oomblik. Ja.

163 Jy sê: "Wel, Noag . . . " Iemand sou sê: "Wel, hier, ek het . . . Wel, ek ken John Doe, hieronder op die hoek. Wel, hy het 'n boot waarmee ons enige stroom kan bevaar."

164 Maar, julle sien, dit was nie God-gebou nie. Dit was nie opgerig met akasiahout, en—en—en die manier wat God dit gebou het nie.

165 Jy sê: "Ek het 'n kerk, Broer Branham. O, ons, ons behoort aan die grootste denominasie in hierdie stad. Ons, ons is die grootste kerk wat daar hierrond is, en ons het die bes-geklede groep mense. Die burgemeester kom na ons kerk toe, en die amptenare kom na ons kerk toe. Wel, ons, ons het dit alles. Sien?"

166 Maar as dit nie opgerig is deur God nie, sal dit nie standhou nie. Geen denominasie, as dit nie afgebreek . . . opgerig is deur God se konstruksie hier nie, dat dit nie sal standhou nie. Dis reg. Dit moet kom op die manier wat God gesê het om dit te bou. Dit kan nie op enige ander manier kom nie; nie deur geloofsbelydenis nie, nie deur aansluit nie, nie *hier*deur, of deur sensasie nie. Dit moet deur wyse van die kruis kom. Dit moet deur wyse van die Bloed kom. Dit moet kom en gevul word met die Heilige Gees. Dit moet Heilige-Gees-materiaal wees, en Heilige-Gees-materiaal maak Heilige-Gees-mense.

167 'n Sipres-boot-materiaal maak 'n sipres-boot. 'n Populier-materiaal maak 'n populier-boot. Sien wat ek bedoel? En wêreldse materiaal maak 'n wêreldse kerk. 'n Heilige-Gees-materiaal maak 'n Heilige-Gees-Kerk.

168 "Wat is hierdie Heilige-Gees-Kerk, Broer Branham? Wat doen dit? Hoe tree Dit op?" Ons sal uitvind binne 'n oomblik. Sien? Goed.

169 Gebou, net soos nou, hulle—hulle probeer glo. Soveel, vandag, soveel deur die eeu, het gepraat van, daar's soveel verskillende maniere, wat jou vertel, soveel mense van verskillende maniere. Dis 'n verwarring. Jy gaan *hier*natoe . . .

170 My ou moeder wat pas oorlede is, 'n paar maande gelede, toe sy daar op die bed gelê het, gesê het: "Billy, ek gaan."

Gesê: "Ma, moenie so praat nie."

171 Sy het gesê: "Ek gaan." Gesê: "Ek wil my ander kinders sien. Ek wil vir pa sien. Ek gaan." En sy het oorkant toe gekyk.

172 Ek het daar gestaan, haar oudste. Hier het my suster gestaan, die jongste. En daar was tien van ons kinders; nege seuns en 'n meisie.

173 Sy het gekyk, en sy het gesê: "My eerste en my laaste." Sy het gesê: "Dolores, jy's my enigste meisie. Jy was goed vir my." Gesê: "Jy het gekom en my gehelp om my wasgoed te doen. Jy het—jy het my liefgehad en vir my gesorg."

174 Sy het gesê: "Billy, jy het gesorg dat ek nooit honger was nie. Jy het my rekeninge betaal. Jy het vir my 'n plek gekry om in te woon." En gesê: "Jy was my geestelike leidsman."

175 En ek het gesê: "Ma, 'n paar jaar gelede, toe ek na Christus toe gekom het, as 'n klein seuntjie, nadat ek geroep is as 'n kind," het ek gesê: "eers, as Iers, het ek gedink ek sal onder na die Ierse kerk toe gaan. En hulle het gesê: 'Ons is die kerk, maak nie saak wat enigiemand anders sê nie. Ons is die kerk.' En gesê: 'Hierdie is waarnatoe jy moet kom, jy moet hiernatoe kom. Hierdie is die enigste kerk.'"

176 En ek het gesê: "Toe het ek gedink ek sal oorgaan en die Lutherse besoek. Die Lutherse het gesê: 'Ons is die kerk. Ons is. Ons is dit.' 'n Lig- . . . En 'n kerk is 'n liggaam van mense, 'n uitgeroepte liggaam van mense. Ek het gedink: 'Wel, nou, watter een van hulle is die Liggaam? Watter een van hulle is regtig die Kerk? Een sê dis soos *hierdie*, en een sê dis soos *daardie*.' Na die Metodiste toe gegaan, hulle is soos *hierdie*. Die Baptiste soos *daardie*."

177 Ek het gesê: "Ek het uitgevind daar is omtrent negehonderd verskillende kerke, sien, elkeen wat *hier*heen en *daar*heen trek. Net soos . . . " Ek het gesê: "Ek kon geen geloof daarop baseer nie. Ek kon dit nie doen nie, mamma. Daarom, het ek nie enige van hulle geneem nie.

178 "Maar ek het teruggegaan, en ek het uitgevind wat die konstruksies was, wat God neergelê het; die instruksies, liewer, wat die instruksies was om uitgevoer te word. En ek het Dit geleer net soos wat die apostels Dit geleer het, en ek het dieselfde

resultate gekry." Ek het gesê: "Nou, Dis reg." Sien? Dis reg. Ek het God se Woord geneem en Dit net uitgelê soos daardie.

En sy het gesê: "Billy, ek rus daarop."

179 En toe die arme ou ding nie meer kon praat nie, het ek gesê: "Ma." Ek wil haar siel aan God toevertrou. Ek het, my vader. En ek wil haar siel aan God toevertrou, en sy het daar gelê. Sy kon nie meer praat nie. Ek het gesê: "Ma, ek staan nog hier. Weet jy dit? As jy kan, knip jou oë." En sy sou haar oë knip. Ek het gesê: "Ek wil jou nou iets vra, ma. Jy is nou net 'n paar minute weg." Ek het gesê: "Ek wil hier staan om te sien hoe Jesus jou siel kom haal." Ek het gesê: "Dan sal ek dit aan Hom toevertrou." Ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra, ma," het ek gesê.

180 Nou, ek het my ma gedoop omtrent dertig jaar gelede. En sy is gevul met die Heilige Gees. En—en sy was 'n Christen, 'n ware heilige van God.

181 En ek het gesê: "Ma, beteken Jesus, net hier wanneer jy miskien nog vyf minute oorhet om te lewe. Is Jesus, net so kosbaar vir jou as wat Hy was die dag wat jy die Heilige Gees ontvang het?" Ek het gesê: "Ma, ek wil dit self sê, sodat ek ander kan vertel. Is Hy net so kosbaar net nou? Jy's my ma. Jy sal nie vir my enigiets verkeerds sê nie. Ek wil weet hoe jy net nou voel. Is Hy net so kosbaar as wat Hy was toe jy Hom destyds ontvang het, dertig jaar gelede? As dit is, jy kan nie praat nie, maar knip jou oë baie vinnig." En sy het haar oë baie vinnig geknip, en die trane het teen haar wange afgeloop. O, broer! Ja.

182 Dis reg. Dan veronderstel jy nie. Jy weet waar jy staan. Dis reg. O, moenie veronderstel daaroor nie. Daar's soveel verskillende weë. Moenie net veronderstel nie. Maar God het 'n bevestiging van Sy belofte gegee. Sien? Ons hoef nie daaroor te veronderstel nie. God het dit bevestig.

183 Nou, in Deuteronómium 18:22, kan julle vind, 18:15 tot 22, sal julle uitvind. Die Bybel het gesê dat: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is," Moses wat praat. "En Hy, die mense . . . Wie ook al nie na hierdie Profeet sal luister nie, sal afgesny word onder die volk."

184 Dan gaan Hy voort en het gesê: "As daar 'n profeet onder julle is, of een wat sê hy is, en wat hy sê vind nie plaas nie, dan moet julle hom nie vrees nie. Dis nie reg nie. Maar as die Here met hom gepraat het, sal Hy dit laat plaasvind." Sien? Dis die manier waarop julle dit sal weet. God het vir ons instruksies gegee hoe om te weet, waar ons nie enigiets hoef te veronderstel nie, niks nie. Jy hoef jou nie net te verbeel nie. Jy kan 'n ondervinding hê om dit te weet. Ja, meneer.

185 In Johannes 14:12, daardie Profeet wat die Here opgerig het, wat Christus Jesus, Sy Seun was. Daardie selfde Profeet, In Johannes 14:12, het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat

Ek doen, sal hy ook doen." Broer, daar's geen veronderstelling daaroor nie, niks nie. Hy het gesê dat jy dit sál doen. In Markus, die 16de hoofstuk, vanaf 15 tot 18de vers, het Jesus gesê: "Vir dié wat glo, sál hierdie tekens volg."

186 Jy hoef nie te veronderstel nie: "Verbeel ek my dat ek reg is? Kan ek—ek—ek dink dat ek reg is?"

187 Jesus het gesê: "Vir dié wat glo, sál hierdie tekens volg." Jy veronderstel niks daarvan nie.

188 Johannes die Doper, hy hoef nie te veronderstel het, en gesê het: "Ek veronderstel miskien is daardie die Christus. Ek's nie seker nie. Nou, dit mag Hy wees wat net daar staan. Ek veronderstel dat dit miskien is," nie. Hy het dit nie gesê nie. Hy het gesê: "Kyk, daar staan die Lam van God." Hy het nie veronderstel dit was nie. Hy het geweet dit was. Waarom?

189 God het hom vertel, in die woestyn: "Nou, jy gaan nie om die bos gelei word hiermee nie, Johannes. Hierdie is 'n belangrike ding. Jy hoef nie jou dinge deurmekaar te kry nie."

190 Dis wat vandag is. God wil hê Sy Kerk moet weet wat die Waarheid is. Ons wil nie deurmekaar raak hieroor nie. Broer, jy kry nie nog 'n kans nie. Jy beter reg wees, wanneer die skip in jou huis inkom, wanneer die dood ronddryf in die kamer. Jy moet seker wees hiervan. Moenie enige kans vat hiermee nie. Moet dit nie doen nie. Dis verkeerd. Wees seker dat jy reg is.

191 Hy het vir Johannes gesê: "Op Wie jy die Gees sien neerdaal, dis die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur. Sien? Dis Hy. Dit sal die Een wees."

192 Johannes het nie gesê: "Ek veronderstel dit," nie. Hy het gesê: "Daar is Hy." O, God. Dis reg. Ken Hom. Hy het niks veronderstel nie. Hy het geweet daardie was die Seun van God. Hy het geweet daardie was die Lam wat die sondes van die wêreld sou wegneem, omdat dit geopenbaar was aan hom.

193 En jy sal nooit beter weet totdat dit geopenbaar is aan jou nie. En hoe kan God iets aan jou openbaar wat teenstrydig is met Sy Woord? Die enigste manier wat die Heilige Gees ooit in staat sal wees om Homself aan jou te openbaar, is wanneer Hy Sy belofte aan jou hou. "Vir dié wat glo, sal hierdie tekens volg. Duiwels sal hulle uitdryf in My Naam. Hulle sal met nuwe tale praat. Slange opneem, of iets dodeliks drink, dit sal hulle nie skaad nie. Hulle hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word. Hierdeur sal alle mense weet dat julle My dissipels is, as julle liefde vir mekaar het."

194 Hierdie is die gebooie. Hierdie is die dinge om voor dop te hou. Die vrugte van die Gees: liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, geloof, barmhartigheid, sagtheid, sagmoedigheid, geduld. Dis die vrugte van die Gees. Dis die

dinge, die bewyse. Dis die bevestiging. Dis hoe God dit bevestig. Hy bewys dit aan jou.

195 Wat was die verskil in Moab, bo-op die berg, met sewe altare en sewe ramme; en Israel onderin die vallei, met sewe altare en sewe ramme? Albei van hulle wat die gebooie van God onderhou het. Albei van hulle wat dit probeer doen het. Maar God het Israel bevestig.

196 Hoe het Kain, toe hy 'n altaar gemaak het, net so mooi, of mooier as Abel s'n? Hy het vrugte geoffer. Hy het sy tiendes gegee. Hy het sy inkomste in die huis van die Here ingebring. Hy het gekniel by die altaar. Hy het homself neergebuig. Hy het gebid. Hy het aanbid, net so opreg soos enige mens. Maar God het Abel regverdig deur sy offer te verteer.

197 Op Berg Karmel, daardie groot dag toe vierhonderd heidense priesters daarbuite vergader het, van die huis van die eerste dame van die land, toe hulle daarbuite vergader het om hulle offerande te maak. Hulle het heeldag lank uitgeroep, en daar was geen geluid of vuur nie. Maar toe Elía die jong bul daar bo-op gelê het, en die sewe vaatjies water daaroor uitgegooi het, het God bevestig dat dit die waarheid was.

198 As jy sê jy is 'n gelowige, bevestig God dit. Jy hoef nie enigiets te veronderstel nie. Dis God, wat verteer. Jy hoef nie te veronderstel nie. Dis reg. Die koper-altaar het die offerande verteer. As die offerande op die altaar gelê het, en dit nie verteer was nie, het God dit geweier. Sien? Dis vertering. En jy is God se offerande. Lê jouself op die altaar, sê: "God, neem dit net alles uit my uit. Maak leeg, sodat U my kan volmaak, my gebruik." Dis reg. Moet dit nie veronderstel nie. Glo dit. Ja, meneer. As jy dit nie glo nie, jy, sal God nie jou offerande aanvaar nie.

199 Hy kan sê: Johannes het: "*Hierdie* is Hy. Hy, Hy is eg. Ek weet dis Hy."

200 Natánael het teruggegaan na Deuteronómium 18. En jy vind, Deuteronómium 18:15, as julle dit wil neerskryf. Hy hoef nie te veronderstel het nie. Toe Filippus soontoe gegaan en hom gekry het, gesê het: "Kom, kyk. Ons het die Messias gevind."

201 Nou, sien, Filippus was seker. Hy het geweet waarvan hy gepraat het. Hy het gesê: "Ons het die Messias gevind." Nie: "Kom, laat ons hiernatoe gaan en kyk nie. Laat ons—laat ons dit saam beredeneer, en kyk of hierdie die Messias kan wees nie. Laat ek en jy ons boeke uithaal en soontoe gaan en uitvind." Dit was geen redenasie vir hom nie. Hy het nie veronderstel dit was die Messias nie. Hy het geweet dit was. Hy het geweet dit was.

202 So, Natánael, as 'n goeie geleerde, toe hy daar nadergestap het in Jesus se teenwoordigheid, en Jesus gesê het: "Daar is 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie," was sy veronderstelling verby.

Gesê: "Rabbi, waarvandaan ken U my?"

203 Hy het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was." Geen veronderstelling meer nie. Wat? Hy het geweet dat God dit gesê het.

204 God het gesê: "As daar 'n profeet is, een wat opstaan onder julle, en wat hy sê vind nie plaas nie, moet dan nie na hom luister nie. Maar as dit wel plaasvind, het Ek hom gestuur." Daar het julle dit. Hy hoef nie te veronderstel het nie. Hy het geweet daardie is die Messias.

205 Kyk na die vrou by die put, toe Jesus daarbuite was by die put by Samaria, toe Hy, sy by die put gestaan het. Sy het gesê . . . Julle ken die storie, van: "Bring vir My water om te drink." En gesê: "Die put is diep en jy het niks om mee te skep nie," ensovoorts, die . . . soos die gesprek voortgegaan het.

206 En uiteindelik het Hy vir haar gesê: "Gaan kry jou man en kom hier."

207 En sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie." Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is," na Hy vir haar vertel het. Gesê: "Ek het geen man nie," het sy gesê.

208 Toe het Hy gesê: "Jy het reg gesê, want jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie."

Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet."

209 Nie: "Ons veronderstel, ons veronderstel dat miskien . . . Ons, ons veronderstel, miskien, dat die Messias hierdie mag doen nie. Ons veronderstel."

210 "Ons weet dat, wanneer die Messias kom . . ." Halleluja! Daar's dit. "Ons weet. Ons veronderstel niks. Ons weet presies wat die Skrif sê."

211 Broer, die Skrif het gesê ons moet wedergebore word. Ons moet onsself afsonder van alle vuilheid van die wêreld en heilig te wees. Ons behoort—ons behoort dit te doen. Dis wat die Bybel gesê het. Ons vroue behoort nie op te tree soos die wêreld nie. Ons mans behoort nie op te tree soos die wêreld nie. Ons behoort nie rond te staan, en vuil grappe vir mekaar te vertel nie. Ons behoort nie hier uit te gaan en sigarette te rook, 'n sosiale drankie te drink, om ons werk te behou nie.

212 Wel, as ek sodabeskuitjies moes—moes eet, en rivierwater drink, sal ek liewer van die honger doodgaan op straat, as wat ek 'n werk moes behou waar ek die duiwel se gemors moet drink en sigarette rook, dit alles, om guns te behou nie. Nee, meneer.

213 Ek sal myself liewer afsonder van 'n groep mense wat hulleself Christene noem, wat my outyds sal noem, as ek 'n vrou was, omdat ek lang hare en ordentlike klere moes dra—dra. Ek sou myself liewer afsonder en 'n fanatikus wees, as om met sulke

mense te assosieer, wat sal lag en sulke goed soos daardie bespot. Wel, dis 'n gruwel in God se oë! Dis reg.

214 Maar, tog, probeer ons sê: "Dis net die ding." Ons veronderstel dat dit net reg is. "Die res van hulle doen dit." Wel, dit maak geen verskil. . . Judas het Christus verraai. Is dit die teken dat jy dit moet doen? Nee, meneer. Ons wil nie dit doen nie.

215 Jy wil, jy wil God se Woord hou. Moet niks veronderstel nie. Neem wat God se Woord sê. Ja, meneer.

216 Wat as die dissipels, nou, op die Dag van Pinkster. . . (Sluit af.) Wat as die dissipels gesê het: "Ons het daar opgegaan," en hulle—hulle was daarbo vir nege dae? Op die negende dag, wat as Petrus kom sê het: "Broers, julle weet ons Here kan nie lieg nie. Nee. Hy kan nie lieg nie."

Matthéüs sou sê: "Dis reg, dis reg, Simon. Hy, Hy kan nie lieg nie."

"Wat dink jy daarvan, Markus?"

"O, dis reg. Hy kan nie lieg nie."

217 "Hy het vir ons gesê as ons hier opkom na die stad van Jerusalem en wag, sal Hy die belofte van ons Vader op ons stuur. Ons glo dit. Nie waar nie, broers?"

"O, sekerlik."

218 "Nou, ek sê julle wat. Ons was al nege dae hier. Ek veronderstel ons het dit alreeds ontvang." O, dit maak goeie Baptiste, en Metodiste, en Presbiteriane. Sien? "Ek veronderstel ons het dit, broers. Kom ons gaan uit en begin 'n diens."

219 Hulle sou dit nooit gehad het nie. Maar hulle het niks veronderstel nie. Hoekom? Hulle het geweet dat oorkant in die Skrifte. . . Ek sal vir julle 'n paar Skrifte gee net binne 'n oomblik, sodra ek soontoe blaai.

220 In Jesaja 28:11, het Hy gesê: "Gebod moet op gebod wees; reël op reël op reël; hier 'n bietjie en daar 'n bietjie." "Hou vas aan wat goed is." "Want met lippe wat hakkel en 'n vreemde tong, sal Ek met hierdie volk spreek. Hierdie is die rus."

221 Joël 2:28 het gesê: "Dit sal gebeur in die laaste dae, dat Ek My Gees sal uitstort op alle vlees. Julle seuns en dogters sal profeteer." Halleluja! Hulle het gewag tot die Skrif aan hulle gemanifesteer is. Hulle het niks veronderstel nie. Hulle het gewag tot dit verby was. Hulle het gewag tot hulle dit gekry het.

222 Pinksterkerk, steeds hulle vroue wat hulle hare sny, hulle mans wat steeds sigarette rook, en die dinge wat ons doen, en sulke dinge, en—en laat ons mense so optree soos daardie. Ons veronderstel iets. Laat ons terugkom, broer. Laat ons hier teruggaan net 'n oomblik. Ons gaan te ver. Ons kan nie pinkster wees en so optree nie. Nee, meneer.

223 Laat ons terugkom totdat daar ’n verterende Vuur van God afkom, en die offerande ontvang, die Kerk totaal gevul kry met die Gees van God, en outydse Pinksterkragte ditself weer in die kerk begin wys. Sekerlik. Sekerlik.

224 Ons veronderstel dit net. Sien? Ons neem dit net: “Wel, ja, meneer, ek glo. Ek het eendag in tale gepraat. Ek glo ek het dit ontvang, Broer Branham. Ek—ek glo dis reg.” En tree op soos wat julle optree? Die dinge wat julle doen? Assosieer met die wêreld? Televisie kyk op Woensdagaand in plaas van biduur toe gaan? Al hierdie dinge, lief daarvoor: “Ons Is Lief Vir Susie,” en al daardie ander dinge, meer as wat julle die Bybel liefhet? Tydskrifte gelees tevore? Pinkstermense tydskrifte gelees tevore? Want, die res van die vroue doen dit, moet julle dit ook doen? Al hierdie ander dinge doen, en dan veronderstel julle net.

225 “Hy wat die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, die liefde van God is nie eers in hom nie.” Dis reg. Dis die waarheid.

226 Kom by ’n punt waar dit net alles vertoon is. Dis alles net ’n vertoon, in plaas van outydse heiligheid, in plaas van terug na God. Jy sien die prentjies vandag van advertensie, en evangeliste wat uitgaan, en baie mooi, krulhare. Ek sou graag bietjie wou hê. Dis waar. Maar julle let hulle op. Hulle neem hulle foto, egter, hulle hou—hulle hou hulle kop na die kant gedraai, om daardie baie mooi, krulhare te wys, vir advertensie daarbuite, en sulke goed.

227 Laat ek vir jou vertel, broer. Geen wonder die Gees van God het die ding verlaat nie. Geen wonder ons is terug net so koud soos die Metodiste of Baptiste nie. Ons moet hier uitkom, broer, suster, of God sal ons verteer. Dis presies reg. Ons moet terugkom by die krag van God, na ou bidure en skuddings van die Heilige Gees, totdat mans en vroue heilig en gereinig lewe. Ja, meneer. Kry die wêreld, en al die Hollywood, en kleredrag en goed, uit die ding uit. Goeiste! Dis reg, broer. Ja. O, hoe sonde is so misleidend is! Dit sluip so maklik in soos daardie, en neem die dinge in. Gryp jou net vas, en hou jou, en gaan weg daarmee. Ja, meneer.

228 Intellektuele, julle kerke wat partykeer stem vir julle pastoor, of hoe julle dit ook al doen. Hulle doen dit soos die Baptiste kerke, ensovoorts, en Presbiteriane, en Metodiste, en Pinksters, ook, natuurlik. Julle wil julle pastoor hê, julle probeer ’n groot, intellektuele kêrel vind, sodat julle vir julle buurman hier oorkant kan sê: “Jy sien, ons kêrel het . . . Ons—ons pastoor het ’n kollege opleiding.” Sien? Ons, julle, julle kies ’n man soos daardie.

229 As ek ’n man wil hê wat my kinders leer, om hulle onder sy leermeesterskap te laat, en sulke goed, en my broer, my moeder, en iemand wat ek verwag om aan die anderkant te ontmoet, sal ek liewer ’n man kry wat nie sy ABC ken nie, wanneer dit by ’n intellektuele standpunt kom. Ek sou liewer wil hê hy moet

Christus ken, dis reg, as Verlosser. Ja, meneer. Of hy kon preek, of opstaan en kwyl en al die res, sou geen verskil maak nie. Hy 'n oorpak op die preekstoel gedra het, watter verskil maak dit? Probleem daarmee is, ons het te windmakerig en modieus geraak. En Pinksters, ons net . . .

230 Dis net almal van ons. Ons—ons gaan net verteer word as ons nie iets hieraan doen nie. Ons het bidure nodig. Ons het nodig om terug te gaan na die krag van God. Ja, meneer. En sê net ietsie daaroor: "O, my goeiste!" Die mense dink net dis verskriklik. "O, goeiste! Wil hom nie in my kerk hê, en sulke dinge sê nie." Hum! Sien? Daar's dit. Wat makeer?

231 Dit wys dat daar iets verkeerd is aan die binnekant. *Hierdie* is God se Woord. *Hierdie* is Sy gebooie. Ons veronderstel ons is reg, maar ek wonder, wonder wat God daarvan sê. Ja, meneer. Ja, meneer. Ja, meneer. Dis—dis vreeslik om dit te sê, maar dis reg. Ja, meneer.

232 Die Dag van Pinkster, het hulle gewag totdat hulle Skriftuurlike gesag gehad het. Dis reg, voor hulle aanspraak gemaak het op enigiets, hulle geweet het hulle het dit. Het nie gesê—gesê: "Wel, ek—ek het 'n sensasietjie gevoel," nie. Hulle het gevoel, dit gesien, al die res. Hulle het geweet Dit was daar. Hulle het Dit sien beweeg in hulle, werk in hulle, praat deur hulle, alles. Dit was daar. Hulle hoef nie enigiets te veronderstel het nie. Dit was daar, om van Homself te spreek.

233 En 'n man, as hy wedergebore is uit die Gees van God, is dieselfde ding vandag. Jy veronderstel nie.

234 "Ek—ek glo ons ontvang die Heilige Gees wanneer ons glo." Nee. Jy het nie. Jy ont- . . . Sommige, jy kan dit doen. Maar net omdat jy geglo het, as God jou nie gevul het met die Heilige Gees nie, dan het Hy jou nog nie bevestig nie. Jy het Dit nie. Sien? Dis reg.

235 Moenie veronderstel dat jy Dit het nie. Wees seker van daardie ding. Jy wil nie 'n kans daarmee vat nie, nee, want jy sal verlore gaan. Moenie net veronderstel nie. Bly net, gaan, bly totdat dit verby is. Vandag neem ons dit met 'n geloofsbelydenis of deur een of ander sensasie.

236 Ek het iemand gehoor; soos wat ek gesê het aan die begin van my boodskap. Daaragter, 'n paar dae gelede, was ek in 'n plek, en party van hulle het gesê: "Nou, jy moet Elía se kleed dra." Goeiste, daar's meer verskillende klede, en—en aanraking, en hanteer, en sensasies, as wat ek ooit in my lewe gehoor het. Gesê: "Nou laat dit net uitdoof. Uitdoof. Hou jou kop agteroor." Goeie, eerlike mense. "Uitdoof. Moenie aan enigiets dink nie. Laat—laat—laat jou verstand nou net heeltemal uitdoof. Sê nou: 'Ek glo God. O, ek glo U gaan vir my die—die kleed van Elía gee.'"

237 Wil nie Elía se kleed hê nie. Ek wil die Heilige Gees hê. Ek wil op die basis van hierdie Woord kom. Ek wil aankom met

die kennis. Sien? En ek kom op God, gelowig. Dat. . . Ek kan nie bedek word met Elía se kleed nie. Ek wil bedek word met die kleed van die geregtigheid van Jesus Christus, geklee in Sy geregtigheid. Sekerlik. Dis die kleed wat ons wil hê. Ja, meneer.

238 Sê dan: "Ons het dit! Ons!" En mense gaan, en glo dit. Sê: "Wel, ek veronderstel nou dat ek dit het. Ek het 'n snaakse gevoel gehad, jy sien. Of, ek—ek het regtig. Ek. . . koue rillings het oor my gegaan." Ja.

239 Sommige van hulle het gesê: "Wel, dit het my selfs laat huil." Ek het, by my ma se begrafnis, maar, steeds, het dit niks Daarmee te doen gehad, die Heilige Gees nie.

240 Die Heilige Gees is die krag van God wat na jou toe gestuur word, in die hart, as 'n getuienis van die Gees. Jy is wedergebore. Jou lewe is skoongemaak. Die wêreld is dood, en die hele stank daarvan. Dis soos die knoffel in Egipte, sien, jy is ver weg daarvan. Jy's 'n nuwe skepsel in Christus Jesus. Ou dinge het verbygegaan. Jy het 'n nuwe geword, heeltemal, 'n nuwe skepping, gebore uit die Gees. Ja, meneer. Al die ledemate van jou liggaam ondergeskik aan Sy Gees, en jy beweeg in die Heilige Gees, en luister nie na die klank van die wêreld nie. Jou oë is op Hemelse dinge. Dis, dis—dis wanneer jy regtig het. . . God bevestig die—die ding.

241 Maar solank jy steeds die wêreld het, en wil sê: "Wel, hulle doen *hierdie,* en hulle doen *daardie*. Ek veronderstel hulle het Dit." Hulle, hulle mag dit hê. Ek weet nie wat hulle het nie, maar dit is nie Hierdie waarvan ek praat nie. Dis presies reg. Want, dit is nie. Ja, meneer. Dis—dis een ding wat waar is, want dit laat dit gebeur. Ja, meneer.

242 Kan jy jou dan 'n persoon voorstel wat die Heilige Gees het en deel van God se Woord ontken, die helfte Daarvan neem, sê die ander helfte is niks werd nie? Sien? "So ek glo 'n mens moet, 'n redelike goeie lewe lei. Maar wanneer ons by 'n tyd kom om te dink aan Goddelike genesing en al hierdie goed soos daardie, en onthouding, en, o, ons moet *hierdie, daardie* wees, glo ek nie daarin nie." Uh-huh.

243 Die Bybel het gesê dit sal gebeur. "Wat 'n vorm van godsaligheid besit, maar die krag daarvan verloën." Hulle verloën die helfte van Sy Woord en al Sy krag. Dis reg. Ja, meneer. Dis waar. En dan veronderstel hulle hulle het Dit. "Dis alles reg." Sien? Ja, meneer.

244 'n Dame, paar dames, het een van ons susters ontmoet wat oppad was hierheen, en sy het 'n klein ongelukkie oppad gehad, 'n prop geblaas in haar motor, of so-iets. En 'n paar vroue, het haar opgelaai, van 'n sekere kerk. En vir haar gesê waarvandaan sy gekom het. Gesê: "O, die Here het ons hierheen gelei." Gesê: "Jy's verkeerd. Die pinkster is verkeerd, jy sien. So ons. . . " O, ek sou graag daar wou gewees het! Half-geklee!

245 Hou op veronderstel. Wag tot al die humeur weg is, die tekens van die Bybel van jou verlossing wat in jou gedoen word.

246 Moses het veronderstel, sonder 'n werklike roeping, dat God dit sekerlik aan die mense sou openbaar. Hy sou uitgaan en Egipte oorneem daaronder. Hy het veronderstel dat dit tyd was daarvoor. Maar hy het misluk, en hy het klaaglik misluk, en opgegee, die hele gedagte daarvan opgegee, totdat God hom eendag ontmoet het.

247 Toe hy God by die brandende bos ontmoet het, uh-huh, het hy in die bos ingekom, die bos in hom ingekom. Toe was daar 'n verskil. Hy het nie veronderstel: "Nou, ek weet nie. Ek glo ek sal net hierdie Egiptenaar doodmaak, hom hieronder in die sand wegsteek, en—en dit sal al wees." Dis was nog 'n Agan se wig, julle sien. Sien?

248 Maar toe God met hom gepraat het, in die brandende bos, en hy God werklik gesien het, God ondervind het, en geweet het dat God was, en Hom hoor sê het: "Ek sal sekerlik met jou wees," was dit 'n—was dit 'n persoonlike roeping.

249 Baiekeer gaan mense en sê: "Ek glo ek is geroep om die Evangelie te preek." Sien? 'n Man het geen reg om die Evangelie te preek voor . . .

250 Ek gee nie om hoe goed hy opgelei is, hoe goed hy die Bybel ken nie. Die duiwel ken dit beter as enige van ons, dis reg, maar hy kan dit nie lewe nie. Daar's dit. Hy kan dit nie lewe nie. Sien? Dis die enigste voorsprong wat julle op hom het. Sien? Hy mag dit so goed ken soos jy, maar hy kan dit nie lewe soos jy kan nie. Christus het gesterf, dat jy dit kan lewe, sien, en Hy het nooit vir hom nie. So nou, sien, die . . .

251 Geen prediker het enige reg, maak nie saak hoe slim, hoeveel teologie hy ken, en hoe goed hy die Bybel ken nie, hy het geen reg op die preekstoel, om die Evangelie te verkondig, voor hy God nie eers ontmoet het nie. Nie veronderstel, dat: "Ek behoort uit te gaan. Ek sal 'n beter lewe maak, en hoop ek sal nie te hard hoef te werk," nie. Jy's verkeerd daar, broer, as jy regtig 'n prediker is. Ja. "Maar ek sal . . . En mense sal *so* wees. En ek sal gewild wees in die—die buurt waar ek is, en sulke dinge. En ek dink dit sal die regte ding wees om te doen." Dis nie dit nie.

252 'n Roeping van God is nie iets wat jy veronderstel nie. Dis iets, 'n werklike ondervinding, iets wat jy van aangesig tot aangesig met God gepraat het, en jy weet jy is opdrag gegee om dit te gaan doen. "Sekerlik sal Ek met jou wees." Jy veronderstel niks. Jy glo dit net. Ja. Moet dit nie veronderstel nie.

253 Moet net nie veronderstel: "Ek gaan goed aan," nie. Wag vir 'n Christelike, persoonlike ondervinding. Moenie aanspraak maak op die Heilige Gees as jy nog steeds talm in die wêreld nie. Moet dit nie doen nie. Moenie. Jy, dit sal beter vir jou wees as jy net daarvan vergeet het, sien, as jy vergeet het.

254 "Wel," sê: "Broer Branham, ek—ek het rillings oor my gekry eendag." Dit—dit—dit—dit mag alles reg wees, ook. Sien? Maar jy sê: "Wel, ek—ek het gedans in die Gees. Ek mag in tale gepraat het. Ek—ek—ek mag hierdie dinge gedoen het." Dis goed. Ja, meneer. Dis alles reg. Maar as daardie lewe nie reggemaak is nie, as julle mans steeds sigarette rook, grappe vertel, sosiale drankies drink, lieg, bedrieg, nie eerlik met julle buurman is nie, nie eers eerlik met julle familie is nie, sien, en aanspraak maak om die Heilige Gees te hê, moet jy dit nie meer getuig nie, broer.

255 En julle vroue wat nie die ordentlikheid het om julle hare te laat groei, soos God vir julle gesê het nie. Dis reg. Die Bybel het gesê dat 'n vrou wat haar hare sal kort sny, onteer haar hoof, en, haar, dit onteer haar man. En julle wat hierdie ou kleertjies dra soos wat die res van die wêreld dra, die Bybel het gesê dat hy wat . . . "'n Vrou wat mansklere dra, is 'n gruwel," vuil in die oë van God. En dan maak julle aanspraak om die Heilige Gees te hê? Julle veronderstel julle het Dit. Maar wanneer jy Dit kry, maak Dit jou skoon, dis reg, maak jou anders.

256 Julle wat aanspraak maak dat julle die Heilige Gees het, en julle wat lang hare het, en julle rokke netjies dra, alles soos daardie. En julle sal tuis bly op Woensdagaand om 'n program te kyk, 'n televisieprogram, in plaas van om kerk toe te gaan vir biduur, julle veronderstel julle het die Heilige Gees. Want as die Heilige Gees daarin is, word die liefde van God so verplig in jou, totdat jy net nie kan wegbly van die mense nie. Sien? Julle wat geforseer moet word tot gebed!

257 Wat as my vrou, as ek vir my vrou gesê het . . . En as ek trou, ek getroud was, ek vir my vrou gesê het dat ek—ek haar liefgehad het, en dit 'n leuen was? En wanneer dit regtig tot die punt gekom het, ons, dit—dit 'n kunsmatige liefde is. Ek's net . . . Ek's . . . Dis nie regtig die waarheid nie. Sien?

258 Dis net soos wat jy kunstande kan hê, as jy geen tande het nie. Dis, dis in orde. Jy moet iets hê om mee te kou, so jy kry kunstande. Daardie tande is aanvaarbaar, die plaasvervanger, tot jy—jy nog kry. Maar, daardie, daardie tande is nie verbonde aan jou nie. Jy is nie daar verbonde nie. Hulle is aanvaarbaar. Hulle is 'n plaasvervanger, maar hulle is nie verbonde aan jou nie. Hulle sal nie in die opstanding wees nie, want hulle is nie verbonde aan jou nie. Dis reg.

259 As jou arm afgesny is, jy 'n kuns-arm aansit, is dit 'n plaasvervanger vir iets. Dra 'n handskoen, en so is dit—is dit aanvaarbaar. Dis heeltemal aanvaarbaar, sien, om dit te doen, maar daardie kuns-arm sal nooit kom nie. Niks kunsmatigs sal ooit in die opstanding opkom nie.

260 En 'n kunsmatige Christen sal ook nooit opstaan in die opstanding nie. Jy is nie verbonde aan Christus nie.

261 En as jy nie jou vrou waarlik meer liefhet as enige ander vrou in die wêreld nie, is sy nie, is daar steeds iets verkeerd. As jy nie jou man liefhet nie, as jy hom verkul en nie die regte soort lewe lei nie, is daar iets verkeerd. Dis reg. Sy sal nie. Hulle sal nie so daar wees nie, in die opsta-. . .Jy mag met hom getrou het. Jy lewe eerbaar teenoor hom. Dis goed. Ek—ek waardeer dit. Jy doen dit as 'n dame, vir jou kinders. En julle mans teenoor julle vroue, dis reg, julle behoort dit te doen, eerbaar. Maar in die opstanding, sal dit nie sy wees nie.

262 Jy, net dieselfde soos in Christus nou, jy moet verbonde wees, deel van Christus.

263 Niks kunsmatigs, aangeplak: "Ek gaan kerk toe en sê die Doksologie en Apostoliese Geloofsbelydenis op, ensovoorts, en ek glo ek gaan net so goed aan soos die res van hulle," nie. Broer, jy veronderstel. Jy moet dit nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Jy loop op grond waar jy in werklikheid geen gesag het om aanspraak te maak op die Heilige Gees nie. Jy het geen werklike gesag nie.

264 Wat het ons hier tevore gesê, wat Webster gesê het? Webster het gesê: "om voort te gaan sonder werklike gesag."

265 Jy gaan uit, sê: "Ek's pinkster," wanneer jy nie die ondervinding het nie, en jy nie die lewe gelei het van Pinkster nie. Ja, meneer. Wat dit? Sonder werklike gesag. Of, dit as vanselfsprekend aanneem: "Ek het in tale gepraat, so ek neem aan ek het Dit gekry."

266 Ek glo in praat in tale, ook. Maar as die lewe nie daarop volg nie, dan was dit niks werd. Sien? Sekerlik. Ek het hekse in tale sien praat, en towenaars wat dit uitlê. Sien? Ek weet dit. En ek het heiliges in tale sien praat. Dit is ook uitgelê. Maar, julle sien, dit moet 'n lewe wees. "Aan hulle vrugte sal julle hulle uitken," die soort lewe wat dit is.

267 En kyk na ons Pinksterboodskap vandag in prediking, en ons mense wat die heeltyd toegee. Selfs normale dinge, hulle kan nie eers op die grondbeginsels van ordentlikheid kom nie. Hoe gaan ons dan aanspraak maak op die Heilige Gees? Dis tyd, broer. Geen wonder die wêreld sê julle het nie waarop julle aanspraak maak om te hê nie. Ons veronderstel dit. Ons neem die naam van "pinkster" sonder om die Lewe van pinkster te lei. 'n Lewe van pinkster is 'n toegewyde lewe, gevul met die Heilige Gees, ryk en koninklik, totdat daar niemand is wat 'n vinger op jou kan lê nie. Dis ware pinkster. O, wil ons nie. . .Wat? Waarom wil jy 'n plaasvervanger hê? Waarom sal die duiwel jou verkul met so-iets soos daardie?

268 Gelees hier nie lank gelede nie, hoe maklik die duiwel 'n persoon kul daarmee. Ek het die lewe van Sint Martin gelees. Baie van julle het dit gelees, natuurlik, in die Niceense, na die Niceense Raad, Vaders, liewer, dat hoedat Satan na hom toe

gekom het, so werklik, dat hy na hierdie Martin toe gekom het. Hy was beklee met 'n mooi kroon op sy kop, mooi om na te kyk, blink hare, goue skoene. Martin, het hom net laat steier, toe hy die visioen gesien het van hom wat daar staan. Hy het gesê: "Ken jy my nie, Martin? Ek's Christus."

269 Martin was 'n man gevul met die Heilige Gees, en het regtig gedoen wat reg was. Sien? Luister net hierna.

En hy het gesê: "Aanvaar my, Martin. Hoekom staan jy, huiwerig?"

270 Martin het omgekyk en gesê—gesê, [Leë kol op band—Red.]: "My Heer kom nie terug met 'n kroon op Sy hoof nie. Sy heiliges kroon Hom." Sien? Die Skrif; bly Daarby. Ja. Hy was op die Woord.

271 Een aand, in 'n skool; een van sy studente, 'n prediker, het 'n skool gehad, die klooster. Baie van die . . . Wat, hulle noem hulle nou studente en Bybelskole. Maar een van die studente het 'n self-gemaakte gevoel gekry. Hy het gesê: "Ek's een van die profete van die Ou Testament. Luister julle almal na my."

272 Ons het dit vandag. "Luister na my." 'n Regte profeet sê nooit so-iets nie, vriende. Sy laaste woord, laaste persoon om dit te sê. Sien?

273 "Luister julle almal na my. Die Here het my gesag gegee." Hy het dit aanhou doen. Die ware broers het nooit enige aandag aan hom gegee nie, ook nie die biskop nie. Net aangegaan, en uiteindelik het hy gesê: "Omdat julle almal my nie geglo het nie, profeteer ek. Vanaand, sal die Here God afkom en vir my 'n wit kleed gee, om onder julle te sit. Ek's een van die profete van die Ou Testament."

274 Dit klink omtrent natuurlik vir vandag? Gaan dit nou na, gaan net voort. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Iemand het gesê, nie lank gelede nie, het dit in die koerant gehad: "God het afgekom, hom opgeneem voor God die Vader, en Engele met vere op Hulle vlerke gevoel." Sjoe! Goed.

275 Toe hierdie, daardie aand om middernag, het daar waarlik 'n lig aangekom in sy plek. En hulle het net fakkelligte gehad in daardie dae, baie lig, hoor fluister aan die mense. Dadelik het hy uitgestap met 'n wit kleed aan. Almal het dit gevoel, nooit enigiets soos daardie gevoel nie. Almal het gekom. Die biskop het gekom, daarna gekyk. Nie eers watter materiaal dit was nie; pragtig. Dit was nie 'n wit kleed nie. Dit was 'n—dit was 'n pers kleed, uitgedy en mooi, nooit enigiets soortgelyks gemaak gesien in enige tyd nie.

276 Sou Pinksters dit nie gesluk het nie? Hum! Goeiste, dit sou die ding gewees het. Ja, meneer.

277 So die ou biskop was egter 'n redelike slim man. Sy . . . Wat was fout met hulle, kerk destyds daar? Hulle het by die Woord

gebly. Hulle het nooit enigiets veronderstel nie, maak nie saak watter sensasie dit was nie.

278 God seën julle harte, broers. Bly by daardie Woord. Maak nie saak hoeveel julle pastoor, hoeveel John Doe, of iemand anders sê, of die kerk, of die organisasie *dit, dat*, of die *ander* sê: "Dis alles reg. Doen die beste wat jy kan," nie. Moet jy dit nie glo nie. Bly net by daardie Woord.

279 So hierdie kleed was nie natuurlik nie. En hy het gesê: "Nou julle sien, van nou af, sit ek onder julle, in hierdie pragtige kleed wat afgestuur is uit die Hemel."

280 Sjoe! Sou dit nie 'n Pinksterdiens opgebreek het nie, broer! ['n Broer sê: "Dit sou."—Red.] Sou hulle dit nie gedoen het nie? Huh! Sien? Verblind die oë, ontvang net iets, o, dis so maklik om mislei te word, Sien? Dis reg. Moet julle dit nie aanvaar nie.

281 Gesê: "Die Here het my hierdie gegee. En nou moet julle almal weet dat ek 'n profeet is. Ek is een van die Ou Testamentiese profete. Nou luister julle almal na wat ek vir julle vertel." Sien? "Ek gaan bevele gee hierrond van nou af."

282 Maar op 'n manier, die ou biskop, dit het nie reg gelyk vir hom nie. Daar was net nie. . . Iets was nie reg nie. Sien? Dit het net nie reg gelyk nie, want die seun se gesindheid was nie reg nie. Sien?

283 Dis nie hoe profete optree nie. Hulle word nie bevestig deur wat hulle sê, wat hulle. . . soos daardie, wat hulle verklaar nie. Dis watter tekens hulle volg.

284 'n Christen, net dieselfde, sovoorts. As ons sê ons is Christene, en steeds in die wêreld, dan is daar iets verkeerd. Sien? Daar is iets verkeerd. Dit, voel net nie reg, lyk net nie reg nie. Maak nie saak hoeveel jy sê dit is reg nie, dit is steeds nie reg nie. Dit moet kom by die Woord, terug na die Woord.

285 So hy het gesê, die ou biskop het gesê: "Ons sal die res van die aand spandeer deur gesange te sing en—en te bid." Alles het voortgegaan. Die ou biskop het heelnag lank gebid. Die res van hulle het gesange gesing tot die Here.

286 Die volgende oggend. Hulle het geweet Martin was 'n bevestigde profeet van God. Hy hoef niemand dit te vertel het nie; sy werke het dit bewys. So hy het gesê: "Daar is nog een ding wat ek wil hê jy moet doen, seun." Gesê: "Ek wil hê jy moet voor Martin gaan staan."

Hy het gesê: "O, ek is gewaarsku om nie voor Martin te gaan staan nie."

287 Daar het julle dit. Daar het julle dit. Sien? Hy wat goeie goud het, hoef nie te vrees om dit te neem na die aanrakingsmasjien nie. Hy wat 'n lewe bo verdenking lei, gee nie om wat die wêreld hom noem "holy-roller," nie. Dis reg. As 'n man 'n lewe bo verdenking lei, wanneer die vrou 'n lewe bo verdenking lei, kan

sy enige woord hoor gepreek word uit die Woord van God, of hy, enigeen. Pla nie. Beslis nie. Hoef nie te gaan, die aanrakingsteen te vrees, as jy regte goud het nie. Hoef nie daaroor te bekommer nie. Dit sal die toets deurstaan.

288 En so het hulle gesê: "Jy gaan in elk geval," want hulle het geweet dat Martin 'n bevestigde profeet van die Here was. So, God was met hom in die dinge wat hy gedoen het, en bewys dat dit was. So hulle het hom begin optel, om hom, in elke geval te neem, en die kleed het verdwyn. [Broer Branham klap sy vinger—Red.] Sien hoe maklik, met veronderstelling? Daardie eerlike seun, wat veronderstel het hy het 'n stem gehoor! Hoe maklik sou dit gewees het vir daardie biskop, en enige van hulle, om daarvoor te geval het, maar daardie broers het by die Woord gebly.

289 Toe daardie Niceense raad daar opgekom het, het hulle die argument begin. Baie van julle predikers weet waarvan ek praat. Diegene wat regte skole was, soos Sint Patrick en hulle wat soontoe gegaan het, en die verskillendes, daardie en Irénaeus en die verskillendes, hulle het by die Woord gebly. Die res van hulle het leerstellinge aanvaar en weggegaan, en daar is dit nog vandag. Maar die ware gelowiges het by die Woord gebly. Prys God! Ek weet.

290 Laat ons niks veronderstel nie. Bly by daardie Woord. En God is verplig om te maak . . .

291 Daardie Woord is 'n Saad, en daardie Woord sal alles voortbring wat dit belowe het dit sal voortbring. Dit sal dit doen. Dit sal die wêreld uit jou wegneem. Dit sal jou heilig maak. Dit sal jou 'n ander lewe laat lei. Dit sal jou dinge laat doen wat jy gedink het jy kan nie doen nie, want dis die Woord in jou.

292 Moenie veronderstel jy het dit nie. Hou jou lewe dop, en gaan na en kyk wat jou lewe is. Kyk na die manier wat jy lewe. Kyk of jy in die Geloof is. Ondersoek en kyk of alles net reg loop. Kyk of die wêreld nog 'n liefde het, soveel, dat dit jou sal wegroep van die dinge wat regtig van God is, om die wêreld lief te hê. As dit is, broer, gaan net hier na. Stop net hier, sê: "Satan, vat jy daardie vuil ding terug. Ek sal dit nie ontvang nie."

293 "Wel, oorkant by *So-en-so* se kerk, hulle doen dit. Broer *So-en-so* laat sy mense toe."

294 "Ek gee nie om wat Broer *So-en-so* doen nie. Die Woord sê om dit nie te doen nie. Dit handel dit af." Dis reg.

295 "Wel, hulle, hulle is die grootste organisasie in die land. Hulle doen dit almal. Hulle sê dis reg." Ja. Ja, mag sê dis reg.

296 Maar wanneer God sê, sien, God se Woord het gesê. Satan het gesê: "Daar staan geskrywe . . . " En Jesus het gesê: "Daar staan ook geskrywe . . . " Sien? Daar is dit. Sien? Daar staan geskrywe.

297 Ons moet die Woord van God hou. Moenie enigiets veronderstel nie. Moet dit net nie vanselfsprekend aanvaar nie. Moenie voortgaan as jy nie die gesag het nie. Die ding om te doen, is om daar te bly en te wag, of dit tien dae is, twintig dae, tien jaar, of wat dit ook al is, totdat jy heeltemal seker is, en die Woord self getuig dat dit so is. Dan is jy reg. Daardie lewe sal regkom, en reg begin loop, reg tot op sy plek kom. Dit sal beslis.

298 En, die kerk, ek het dikwels gewonder. Ek sou graag in die kerk wou instap. . . Ek hoop ek sal dit sien voor ek doodgaan. (Sluit af.) Eenkeer in 'n kerk instap, en daardeur stap en net sien, o, hoe sonde nie eers in daardie kerk kan sit nie. Enige lidmaat sou dit moet bely voor hulle selfs daar gekom het. Die Heilige Gees sou dit net uitroep op die daad, soos daardie. Sien? Net soos, die vroue daar sien sit, lyk soos dames. Mans soos mans sien, regte mans van integriteit, Heilige Gees-vervulde mans, Gees-vervuld. Laat net een sonde in die kerk wees, êrens, die Heilige Gees dit reguit uitroep. Soos Ananias en Saffira, dit net daar voor jou laat wees. Sien? O, dis 'n kerk wat ek graag wil sien. Ek wens ek kon dit sien.

299 Ek het oor die lande geveg, vriende. Ek het geslaan. Ek het baklei. Ek—ek het alles gedoen, geskree op mense, en partykeer hulle organisasies veroordeel, en dinge. Nie die organisasie nie; dit is nie dit nie. Die organisasie is goed. Ek het niks daarteen nie. Maar luister, broer, soveel mense, sien, vertrou op daardie organisasie. Sien?

300 As jy in die rivier afgegaan het oppad na die valle, en ek het gesien jy was in 'n klein bootjie, en daardie bootjie sou sink. En ek wat met jou baklei, dit is nie omdat ek jou nie liefhet nie. Dit is omdat ek jou wel liefhet. Sien? Jy sal stukkend slaan teen die valle.

301 En as jy sê: "Wel, ons behoort *hieraan*. Maar, Broer Branham, ek sê jou, ons, ons pastoor, hy's 'n goeie man." Ek betwyfel dit geensins nie. En die man is eerlik. Hy veronderstel dat hy reg is. Dan sê jy: "Wel, hy sê: 'Daar is glad nie so-iets soos Goddelikke genesing nie. Daar is glad nie so-iets soos praat in tale nie. Daar is glad nie so-iets soos hierdie dinge nie. Dis nie reg nie.' Wel, hy sê Dis verkeerd. Sy organisasie leer dit." Wel, ek's nie teen sy organisasie nie, maar daardie ding sal stukkend breek.

302 Jesus het gesê: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Sien? Moenie veronderstel nie. Wees seker. Dan het jy dit, wanneer jy seker is. Hoeveel wil net regtig daardie soort ondervinding hê, wil graag in so 'n kerk soos daardie instap? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sou dit nie wonderlik wees nie? ["Amen."]

Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik.

303 Ons Hemelse Vader, in die Teenwoordigheid van Sy heiligheid, in die wete dat Hy die ware en regverdige Een is, hoe

moeilik is dit, Here, om te kom na broers en susters en dinge te spreek wat sny, en grawe, en skeur. En hoe moeilik is dit om daardie dinge te sê, Vader. Ek—ek bid dat U my genadig sal wees, en weet dat my hart uitgaan na die mense in—in liefde, dat ek—ek net lief is om by hulle te wees.

304 En hoekom sou ek sulke dinge wou sê? Want, Vader, ek glo dat dit—dit gesê moet word, dat dit—dit U Woord is, en dit gedoen moet word. En baiekeer help dit ons broers langs die pad, wanneer die gemeente so arrogant raak dat hulle—hulle net regoor die pastoor se opdragte en dinge loop. En dan, Here, stuur U, partykeer, iemand anders, en maak die mond van twee of drie getuies, en sien toe dat—dat dit regtig geglo word, en dit regtig die waarheid is, en verskillendes wat dit aanhaal. Dan sal die mense sonder 'n verskoning staan op daardie dag.

305 Vader God, ek weet daar's niemand hier wat verlore wil gaan op daardie Dag nie. Die heel laaste ding in hulle gedagte sou wees om verlore te wees op daardie Dag. En, Here, maak nie saak wat ons gedoen het nie, U het gesê: "As 'n man nie wedergebore is nie, kan hy nie eers die Koninkryk van God sien nie." Dan as ons wedergebore is, is ons kinders van God, en die dinge van die wêreld is dood vir ons. Ons neem nie meer deel aan hulle nie. Hulle is—hulle is dood.

306 En ek bid van U, Vader, dat U genadig sal wees vanaand en gee dat elke lidmaat van die kerk wat geassosieer is met sulke dinge soos 'n bietjie koudheid, en teruggaan in die wêreld, dat, hulle vinnig soos die duif sal wees wat uitgelaat is uit die ark, om land te gaan vind, en terug te kom. Hy kon geen rus vir die sole van sy voete vind, op die dooie karkasse nie. En geklop aan die venster, totdat vader Noag dit laat rus het in die ark, totdat die vloede gesak het. O Here, mag daardie persoon terugkeer na God vanaand.

307 Mag die kerk terugkeer, as geheel. Mag hierdie 'n tyd van ondersoek wees, in Phoenix. Mag die kerke geroer word tot heiligheid, Here. En mag daar so 'n beweging wees, om dit te sien, die groot bewegings wat U begin, en . . . en die krag van God begin vloei onder die mense. En dan kruip wêreldsheid en onverskilligheid, en nabootsings, en—en vleeslike vergelykings, en—en wêreldsheid in onder die kerk, net presies soos dit in ons teks was vanaand. Hulle het goed aangegaan.

308 Hulle het uit Egipte uitgekom, onder die besnydenis, en in die bloed van die lam, en—en hulle het goed gevaar. Maar toe hulle by 'n ander deel van U Woord gekom het, en dit toe betwyfel het, het hulle net daar gestaan, en hulle het die stryd verloor.

309 En, Vader, ons bid dat dit nooit sal gebeur met U Kerk in hierdie laaste dae nie. God, moenie dat die stryd ons laat verslaan nie. Laat ons al die Agans uitlê, en—en die stawe uit die kamp, en—en terugkom na die Woord, en terugkom na heiligheid, en

terugkom na geregtigheid, en lewe vir God in die krag van die Heilige Gees. Skenk dit, Here.

310 Deur Jesus Christus bid ek dat U 'n honger sal sit in mense se hart, om daardie kerk te sien soos dit was in die ou dae, toe hulle nie eers iets—iets permanent in die kerk gehad het nie. Nie eers 'n altaar daarin gesit nie, omdat heidene voor die altaar sou neerval, en hulleself voor die heidense afgode sou neerbuig. En hulle was bang om 'n altaar in die kerk te sit, omdat die mense, die eenvoudige bekeerlinge, mag probeer om die altaar te aanbid in plaas van die—die lewende God.

311 En hulle sou op hulle knieë val reg in die openbaar, en hulle hande reguit opsteek na die onsigbare God, omdat hulle gehou het van daardie na-effek van die vloei van die Gees. Gesit op ou koue blokke van—van klip, en—en op die grond, om te luister na 'n goddelike man wat die Evangelie en die krag van God verduidelik, en die Heilige Gees dan val in die diens.

312 O God, sien hulle in leeukuile ingaan, en na die vuuroonde, en—en alles, Vader. En in die opstanding, waar sal ons staan? Hulle mag miskien nie vandag verwag word om na oonde en leeukuile toe te gaan nie, maar God, daar word van ons verwag om fatsoenlik en heilig te lewe, en na die patroon van God; om goddelik te lewe, te soek en te bid, en—en te wag, en enige oomblik te kyk wat Hy sal kom: nie bang dat Hy kom nie, maar "uitsien na Sy verskyning." Skenk dit, Here.

313 Ons sou daarvan hou om daardie groot Kerk saamgeroep te sien word, en hierdie deel wat rus en vertoef hier in Phoenix. Ons glo dat U letterlik honderde van die lidmate van U Kerk het wat hier in Phoenix vertoef, in afwagting vir daardie tyd. Here, hulle veronderstel nie. Hulle is gevul met die Gees. Hulle lewens vergelyk en wys dat hulle is. Hulle is U kinders.

314 En daar is sommige wat graag so wil wees, Vader. Hulle het miskien net veronderstel, en hulle kyk terug op hulle lewens en sien dat dit net nie so werk nie. Daar is iets verkeerd. Ek bid, Vader, dat vanaand sal. . . as daar enige hier is, dat hierdie die aand sal wees dat dit opgeroep sal word, dat hulle nie skaam sal wees nie, maar sal staan en sê: "Ek's verkeerd. God, vergewe my. En help my, van hierdie aand af, om regtig na die Woord toe te kom, en Dit alles te glo, en gevul te word deur die Gees, en geheilig op so 'n manier dat my getuienis nie teen my sal wees in die stad nie." Skenk dit, Vader.

315 Nou terwyl ons ons hoofde gebuig het, ons oë toe, gaan ek julle vra, as—as julle broer, as 'n pelgrim saam met julle, wat soek na 'n Stad wie se Oprigter en Boumeester God is. En ek wonder, sommige van julle susters hier vanaand, sommige van julle broers, sonder twyfel is julle goed, opreg. Ek wou nie seermaak nie. Maar ek wou julle vertel wat die Waarheid is, die Woord van God.

316 En ek was in julle stad en het herlewings gehou. Julle het gesien dat—dat ek in God glo. God antwoord nie sondaars nie. Ons weet dit. En ons—ons . . . Ek glo om 'n Christen te wees. En ek . . . En—en julle pastore het julle vertel, deur die stad hier. En julle vind uit dat julle bely julle het die Heilige Gees, en julle vind uit dat julle steeds saamgaan met die wêreld, talm daarbuite in die wêreld. Jy wil dit nie hê nie, wil jy, suster? Jy wil dit nie hê nie. Jy is 'n te goeie persoon om so te wil wees. Jy wil dit vir niks mis nie. En nou, van vanaand af, sal God . . . as jy dit nooit vantevore gehoor het nie, sal God jou verantwoordelik hou daarvoor. Hy sal jou verantwoordelik hou.

317 Broers, as julle skuldig is aan sommige van die dinge waarvan ons gepraat het, jy wil nie so wees nie, wil jy, broer? Beslis nie. Jy wil 'n regte Christen wees.

318 Hoe kan God ons ooit in algebra inneem, soos ek gesê het, wanneer ons nie die kleuterskool kan verlaat nie? Sien? Ons—ons mag emosies hê. Ons mag skree en God prys, en dans in die Gees, en alles soos daardie. Wel, daardie, dis alles goed, broer, suster. Ek glo ook daarin. Maar ek het hulle reg rondom 'n heidense afgod sien dans op dieselfde manier, aan die gil en skree, en praat in tale, julle sien.

319 So dis—dis die lewe wat tel. Sien? "Dis aan die vrugte wat hulle geken word." En jy sien dat jou . . . dit nie ooreenstem nie. Wil jy graag 'n regte Christen wees? En nou wil ek hê jy moet, met jou oë toe, in gebed, as jy sal. Ek wil hê jy moet nou baie eerlik wees, net op hierdie oomblik baie eerlik wees.

320 Sonde kan nie bedek word met drink, deur dit opsy te skuif, deur by 'n kerk aan te sluit, deur beter te probeer vaar nie. Sonde kan net doodgemaak word deur die krag van God, die Bloed van Jesus Christus. Sou jy nie 'n lewe soos daardie wil hê nie? As jy wil, en jy's . . . Jy glo dat God in die gebou is. Sy nimmereindige Teenwoordigheid is altyd naby, maak nie saak waar jy is nie.

321 'n Visioen nou die oggend, het Hy vir my dit gesê. Hy het gesê: "Die . . . Moenie vrees nie." Hy het gesê: "Staan dapper op, sien, want die nimmereindige Teenwoordigheid van Christus is naby."

322 Wil jy daardie soort Christen wees, soos wat jy—jy regtig weet jy behoort te wees? Jy, jy probeer wees, maar jy het net nog nooit daardie punt bereik nie. Nou, jou eie lewe bewys dit. Sien? Steek jou hand op na God. Sê net . . . God seën julle. Dis eerlike, opregte harte. "Ek wil regtig wees."

323 Nou, wat as jy het . . . As jy in jou lewe weet dat jy nie ooreenstem met wat van 'n Christen verwag word om te doen nie. En dan, selfs nou, in die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, laat Satan jou jou hand afhou, en sal dit nie ontvang nie. Nou, wat daarvan? Wanneer, jy weet, reg hier met die Skrifte, dat jy verkeerd is. Ek sê dit uit liefde, respek. Sien?

324 Wat 'n verskriklike ding is dit, sien, dat jy dit sal weet. Ek sê nie jy is nie. Maar, ek sê, as jy dit sou weet, en weet dat jou lewe, kyk wat jy doen, en die dinge wat jy optree, sien jou lewe vergelyk nie met die Bybel nie. En jy hoor, die Evangelie wat verkondig word. Jy lees Dit self. Jy weet dis verkeerd om daardie dinge te doen, en tog doen jy dit. Sien? Is dit nie 'n verskriklike ding nie?

325 Nou, ten minste twintig, dertig hande het opgegaan. Was daar een uitgelaat, wat sou. . .? Nou, moet niemand kyk nie. Laat net ek kyk. Ek wil bid. Party wat uitgelaat was, jou hand sal opsteek. Ek sien julle in die balkon. Ja. Ja, daar. God seën julle. Daar's nog baie. Ja. God wees met julle. Dis baie opreg. Hoekom handel ons dit nie vanaand af nie? Waarom sê ons nie net, vanaand: "Kom ons handel dit af," nie.

326 Nou, hier onder julle ingekom, hierbuite by Phoenix, hierdie pragtige plek, waardeer julle so baie, briewe wat julle skryf, en aanmoediging en dinge, wat julle my probeer aanmoedig. En julle bid vir my. Dis hoekom ek moet. . . Ek wil opreg wees met julle. Sien? Dan gaan Christus my laat antwoord hiervoor. En as ek nie vir julle die hele Waarheid vertel nie, dan, sien, dan sal ek moet antwoord. En dis die rede, dat ek wil hê—ek wil hê julle moet Daar wees, broer, suster.

327 Moenie 'n kans vat nie. As daar die geringste kans is, moet dit nie vat nie. Moenie net daarmee speel nie. Ons nie. . . Laat—laat ons regtig ware, ware Christene wees. Laat ons. . . Jy kan wees. Ander is. Jy kan ook wees. Jy ken 'n sekere dame soos wie jy graag wil wees, 'n sekere man soos wie jy graag wil wees, 'n sekere prediker soos wie jy graag wil wees, 'n sekere persoon. Jy wil so wees. Jy kan wees. Nou laat ons net glo met ons hele hart.

328 En nou, terwyl ons ons hoof gebuig het, en ek gaan ons suster vra by die klavier daar, of sy sal, om net vir ons 'n akkoordjie van 'n lied te gee, suster, as jy sal. En ek wonder, julle wat regtig graag wil. . . Nou, as jy werklik opreg is, sal dit net nou gebeur, as jy werklik opreg is, maar jy moet opreg wees.

329 Ek het 'n getuienis. Ek was. . . Sedert my ma heengegaan het, was ek buite in die wildernis, gelê in 'n grot, aan die vas en bid. 'n Visioen het na my toe gekom. En dit was een van die dinge, die opregtheid. Sien? Nou, bedoel jy dit regtig, dat jy 'n Christen soos daardie wil wees? Jy wil net al die wêreld laat vaar, en alles van jou af weggeneem hê?

330 As jy dit regtig bedoel, is jy nie skaam vir enigiemand in hierdie kerk nie. Jy's nie skaam vir enigiemand om jou standpunt te sien nie. Nee, meneer, jy's nie. Jy—jy—jy het jou hand opgesteek na God. Jy's nie skaam vir enigiets nie. Jy kom. Die enigste ding waaroor jy skaam is, is jou lewe. Sien? En jy wil—jy wil dit reggemaak hê. Jy wil. . . jy wou altyd oorwin, sodat jy die ding kan doen wat reg was.

331 As jy so opreg is, wil ek hê jy moet opstaan en hiernatoe kom, hier staan by die altaar, soos om te kom om voor gebid te word as jy siek was. Ek wil vir jou bid, en hande op jou lê. As jy nou wil opkom hierheen daarvoor, beweeg jy net reguit uit. Ek's seker dat die Hemelse Vader sal . . . Kom net stil en staan reg rondom die altaar hier. Kom vir toewyding, stil soos julle kan.

332 "Ek wy my lewe toe, van vanaand af, Broer Branham. Ek gaan niks veronderstel nie. Ek kom net nou. Ek kom net nou. Ek's—ek's klaar daarmee. Ek—ek belowe God. Ek, maak nie saak wat kom of gaan nie, ek's—ek's nou klaar met sonde. Ek's . . . Ek wil 'n ware Christen wees. Ek gaan my lewe toewy." Dit laat my so goed voel om julle dit te sien doen.

333 Nou, net 'n—net 'n oomblik of twee langer nou. Is daar iemand anders wat net wil staan, en sê: "Ek, vanaand, wy ek my lewe toe. Ek . . . God, ek's—ek's moeg hiervan. Ek wou altyd 'n regte, regte Christen wees. Dit het in my hart gebrand vandat ek 'n klein seuntjie was, of ek 'n klein dogtertjie was. Ek—ek wil die einste . . . Ek—ek kan nie 'n kans soos hierdie vat, in die wete dat ek moet sterf nie." Sal julle nie kom, net rondom die altaar staan 'n oomblik, vir toewyding nie? Nou, daardie toewyding beteken om toegewy te wees aan iets, die toewyding aan Christus. Sal julle rondom hierdie altaar kom staan hiervoor, net 'n oomblik?

334 Christene wat nie hierdie ondervinding het nie, moet nou nie 'n kans waag daarmee nie. Sien? Waaraan word 'n boom uitgeken? Aan die vrugte wat hy dra.

335 Nou, ons kom net so plegtig as wat ons weet hoe om te kom. Bietjie later, in een van die latere dienste in die kerke, sal julle weet hoekom ek hierdie doen. Ek het nie tyd om dit vanaand te sê, daarop in te gaan nie. Maar ek . . . julle sal verstaan waarom ek hierdie doen. Ek glo God gee Sy kerk Sy roeping. Dis die . . . omtrent die laaste een wat ons gaan hê. Sien? Dis iets wat gaan gebeur, en ek weet nie wanneer nie. Dit mag met jou gebeur voor die môre. Dit mag met my gebeur voor die môre.

336 Maar, broer, suster, kan ons bekostig om enige kans te vat met enige klein dingetjie, maak net nie saak wat dit is nie? "Skuldig aan die geringste, is skuldig aan alles." Jy moet skoon wees, gewas in die Bloed van die Lam. Die geringste sonde sal jou net weghou. Sien? As Engele vuil lyk voor Hom, wat sou ons?

337 Nou, ek gaan net nog 'n oomblik of twee langer wag, want daar mag 'n ander siel wees. Weer, een beweeg nou en dan, en kom op. Ek wil hê julle moet nou in dodelike erns kom.

338 Nou, sonder enige twyfel, dat baie van julle wat hier by die altaar staan, ondervindings gehad het van verskillende dinge. Miskien het julle geskree, gehuil, in tale gepraat, gedans in die Gees, julle broers en susters. Sonder twyfel het julle. En daardie—daardie dinge is goed, baie goed.

339 Maar weet julle toe die . . . Hebreërs, die 6de hoofstuk: "Die reën val dikwels op die aarde, om dit voor te berei, dit te benat vir waarvoor dit bedoel is. Maar dorings en distels is naby die vervloeking, wie se einde dit is om verbrand te word." Hoe het hulle die verskil geken? Dieselfde Gees, dieselfde Lewe, dieselfde water wat op die koring geval het, het ook op die dorings geval. En die dorings, en die doringstruike, en die—en die onkruid was net so bly en verfris met dieselfde reën. En mense kan in die kerk sit, vriende, en dieselfde soort ondervindings hê.

340 Nou, moenie mislei word hiermee nie, vriend. Sien? Jy kan dieselfde ondervinding ontvang met dieselfde Heilige Gees wat iemand, wat langs jou sit, ontvang het, en steeds nie Dit wees nie. "Die son skyn op die regverdige en die onregverdige. Die reën val op die dorings en op die koring." Dis gestuur vir die koring. Die Heilige Gees word in die kerk ingestuur vir die toegewyde heiliges, maar diegene wat daar sit, geniet dit. Sekerlik. "Maar aan hulle vrugte word hulle geken."

"Sal ons hulle uittrek," gesê: "dan?"

341 "Nee. Laat hulle saamgroei. En op daardie Dag, sal die Engele uitgaan en al die doringstruike en die rankplante versamel, en sal hulle verbrand. Maar die koring sal versamel word in die skuur. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."

342 Dis waarom julle hier staan vanaand, is vir vrugte, vrugte van die Gees. Nou, onthou.

343 "Hoekom is dit," sê jy: "Broer Branham?" Miskien sommige van julle vroue wat hier staan. Ek let op julle het kort hare: "Hoekom is dit, Broer Branham, ek's 'n Christen, en ek—ek lyk steeds asof ek dit net nie kan doen nie. Ek kan nie my hare laat groei nie. Tog weet ek die Bybel leer dat dit reg is. Die Nuwe Testament leer dat dit die ding is om te doen. Ek kan dit net nie doen nie. Lyk asof ek dit net nie kan oorwin nie, sien, kan nie by daardie punt kom nie." Sien?

344 Ek glo jy is 'n goeie persoon. Ek glo jy is opreg. Jy sou nie hier staan as 'n voorbeeld vanaand nie. Jy doen dit. En, dis, dis wat jy moet doen. Dis die Skrif. Jy moet dit doen. Sien?

345 Party van julle broers, God alleen ken julle hart, waarvoor julle hier staan, die dinge wat julle wil oorwin. Nou, julle—julle kan dit doen, as julle dit net op hierdie manier sal aanvaar. En sê: "Here, ek's niks nou, en ek gee net myself oor aan U, en hier kom ek. Deur U genade gaan ek dit doen." Nou, julle—julle kan dit nie sonder Hom doen nie. Daar is niks in die wêreld wat jy kan doen nie. Jy moet Hom dit laat doen. Jy wy net jouself toe aan Hom, en glo dit met jou hele hart, dan sal Hy dit doen. Hy sal dit vir jou doen, sien, as jy Hom net op Sy Woord sal neem. Hy sal nie met een so maak, en nie met die ander net so maak nie. Hy sal met julle almal so maak. Sien? Hy sal julle, elkeen, die regte ding maak.

346 Ek wil hê al julle mense wat Christene is en bokant hierdie dinge lewe, ek wil hê julle moet bid, wil hê julle moet saam met my bid. Veral die predikerbroers, om saam met my te bid. Ek wil hê elkeen van julle nou, diep onderin julle hart . . . Sien?

347 Jy weet die reën het op jou geval. Jy sê: "Broer Branham, ek het gedans in die Gees. Ek het in tale gepraat." Dis waarlik. Maar kyk na, sien, daar is iets wat nie reg is daar nie. Sien? Sien? Jy moet nog wegkom van hierdie onkruid nou, na 'n koring: nederig, liefdevol, met die Woord, gehoorsaam, sien, gehoorsaam aan die Woord.

348 Nou laat die Heilige Gees net inkom, en laat God jou vanaand verander van wat jy was, na wat Hy wil hê jy moet wees, soos ons bid.

349 Ons Hemelse Vader, ek besef dat rondom hierdie altaar, wat, die kerk is 'n altaar, die plek waarnatoe mense kom en hulleself daarop plaas, om ontvang te word as 'n brand-offer vir die Here. Ek weet vanaand, Vader, dat sommige van hierdie mense wat hier staan, en hulle—hulle vriende is in die kerke hier, en hulle staan hier by hierdie altaar vir toewyding. En dis—dis 'n groot ding vir hulle om te doen, want hulle getuig teenoor die mense soos hulle hier staan, en voor U, dat—dat daar iets kortkom in hulle lewens.

350 En so hard soos wat ek die arme sustertjies moes kap vanaand, Vader, oor hulle—hulle ABC's, en hier staan hulle reguit op uit hulle sitplek, loop reguit op soos 'n dame, staan daar en sê: "Dan, God, as ek verkeerd is, vorm my en maak my." Hier is broers wat hier staan, soortgelyk. Tog het hulle reguit opgestaan uit hulle sitplek en net gekom.

351 Onder in hulle hart is daar 'n begeerte. En Vader, Satan sou nie 'n begeerte in hulle hart sit om te doen wat reg is nie. Hy sou 'n begeerte in hulle hart sit om te doen wat verkeerd is. "Gaan aan. Moenie soontoe gaan nie. Los dit uit. Moet dit nie glo nie." Dis wat hy sou sê.

352 Hoe beoordeel ons dit dan? Volgens die Woord. Soos ek gesê het, Sint Martin, Paulus, al die vroeë biskoppe van die kerk, en ouderlinge, hulle het die sake beoordeel volgens die Woord. En nou, vanaand, word hulle beoordeel volgens die Woord. "En wanneer hulle geoordeel word, word hulle getugtig, sodat hulle nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie."

353 So hulle kom nou, Here, om hulleself toe te wy, om geskei te word van die wêreld, dat hulle niks te doen wil hê met die wêreld nie. Hulle wil so totaal oorgegee wees aan U, totdat hulle hele wese Christus weerspieël. Dat, wanneer hulle loop, praat, aantrek, optree, dit Christus se weerkaatsing die heeltyd in hulle lewens is. En, Hemelse Vader, ek bid dat U dit vir hulle sal gee.

354 Nou, in die wete dat die tyd so naby is, die Koms van die Here; en om hierdie groot beweging deur Phoenix te sien nou,

onder die mense; en om die tye te sien waardeur ons gekom het, in genesingsdienste; en sien hoe hulle geloof vir my gegee is, om—om mense te help verlos van hulle siektes en beproewinge; U Gees onder ons te sien beweeg, Here, in 'n bevestiging dat U daar was, beide fisies en wetenskaplik.

355 En dan, vanaand, met hierdie oproep, ek gee hulle vir U, Here, in my gebed. Elke prediker hierbinne, Here, elke Christen wat wandel in die gebooie van God, hulle bid saam met my, Here. En ons gee nou ons gebede aan U, namens hierdie mense. Mag elkeen van hulle toegewy wees, van vanaand af, Here. Mag die krag van Jesus Christus net nederig, net nou, net in hulle harte instort, op so 'n wyse, dat dit hulle net sal vorm en—en hulle net anders sal maak, van vanaand af.

356 Mag 'n soete, nederige, gebroke gees in hulle inkom, Here, in boetedoening vir wat verkeerd gedoen is. En mag die . . . 'n groot vasbeslotenheid van—van God se genade oor hulle kom, om hulle lewens op 'n geheiligde manier voort te sit vir U, Here. Ontvang hulle, Vader. Ons gee hulle nou vir U, soos hulle hulle lewens toewy, in die Naam van Jesus Christus.

357 Nou, met julle hoofde gebuig, ek . . . soos julle gebid het, vertrou ek. En jy kan nie een woord vir God sê dat Hy dit weet nie. Die swakste heilige laat die duiwel bewe. En julle is Sy kinders. En het julle ten volle, met julle hele harte, elkeen van julle, julle lewe ten volle voor God gelê, en gesê: "God, vorm my en maak my die soort Christen waarvan hier gepraat is vanaand. Dat, ek—ek my lewe vir U gegee het. Neem net al die goed weg uit my lewe, wat verkeerd is, Vader. En mag, van vanaand af, gaan ek . . . Ek's . . . deur U genade, sal ek elke dag lewe vir U, dophou dat my lewe ooreenstem met dié van die Bybel se vereistes"?

358 As jy dit gedoen het in jou hart, sal jy jou hande opsteek voor God? Sê: "Ek het dit gedoen. Nou glo ek dit met my hele hart." Die Here seën jou. Die Here seën jou. God seën jou.

359 Nou, Vader, hulle is Uwe. Hulle het hulle hande opgesteek. Hulle het hulle toewyding gemaak. En maak nie saak hoe klein die gawe is nie, U is hier om die kleinste gawe te ontvang, En hulle gee hulleself aan U, net soos hulle was. Hulle wil 'n lidmaat van daardie groot Liggaam wees, sonder—sonder 'n vlek, sonder 'n rimpel. En hulle is nou toegewy aan U, Vader. Ek bid dat U hulle sal weghou van die dinge van die wêreld, solank as wat hulle lewe. Deur Jesus Christus' Naam. Amen.

360 Gaan nou na julle sitplekke toe, blymoedig, en wees gelukkig dat Christus jou op jou woord neem. Nou, ek glo wel . . .

361 Terwyl hulle soontoe gaan, daar is 'n dame wat hier in 'n rolstoel sit, en 'n man, glo ek, en hulle praat met hulle hande. Hulle is . . . sonder twyfel is hulle hier om voor gebid te word. Sal julle almal julle hoofde buig en my soontoe laat gaan en bid vir hulle?

362 Nou, broer, dat jy met hulle kan praat daar in die rolstoel, en wat hulle is. Sien? Nou, sê net dit vir hulle. Die Here Jesus Christus is net so lief vir julle dat Hy nou gewillig is om julle te genees. As daar enigiets is wat ek kon doen behalwe om te bid, sou ek dit doen. Maar Hy het my gebede soveel keer beantwoord vir mense soos julle, wat ly, en het hulle genees. My hart het uitgegaan na julle vandat ek hier kom staan het.

363 Soos ek na die dame kyk, en ek dink aan my moeder wat so pas gegaan het om God te ontmoet, 'n paar dae gelede. Sy is miskien iemand se moeder. Ek sal vir haar bid. Ek wil hê julle moet glo, suster en broer, dat God ons gebed sal verhoor, en Hy sal antwoord. En van hierdie einste uur af, wil ek hê julle moet glo dat die werk gedoen is.

364 Nou, aan die res van die gehoor hierbuite, was daar enigiemand anders wat gekom het om voor gebid te word, siek mense of so-iets, iemand daarvoor? Dame hier, iemand daar oorkant. Goed. Kom julle reg rondom die altaar hier. Ek sal net bly wees om dit te doen.

365 Nou, hoeveel kan onthou hier, 'n lang tyd gelede, omtrent veertien jaar gelede, onder by Broer Outlaw se kerk? Onthou enigiemand Broer Outlaw se kerk, toe ek hieronder was, veertien jaar gelede? Broer Garcia en hulle daaronder. Onthou hoe ek die mense sou naderbring?

366 Ek het die wêreld deurkruis, keer-op-keer, geeste onderskei. Ek daag julle voor woord en daad vanaand. Het julle dit al ooit een keer sien faal? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Nog nooit. Uit die duisende tye, was dit elke keer volmaak, presies reg. Is dit reg? ["Dis reg."] Nou, almal wat weet dat dit waar is, steek julle hande op, in die dienste was en gehoor het. ["Amen."] Wat het Hy gesê? "Wat hy sê gebeur, luister dan daarna."

367 Nou, visioene genees nie mense nie. Visioene bevestig net die Teenwoordigheid van God. Sien? Nou, ek dink dat ons dit nou regtig weet. Maar hoe ek toe gemaak het was net bid.

368 Daar was 'n dame hier wat destyds hier iewers in Phoenix was. Haar naam was Suster Hattie Waldrop, glo ek was dit. Ek glo dit was. O, ja, sy het kanker gehad. Haar man was 'n loodgieter. En hulle is gewoonlik in die dienste. Ek weet nie of sy hier is vanaand of nie.

369 Ek onthou dat sy in die diens was. En—en hulle het gesê sy het gesterf; en sy het so gelyk, in die ry. Ek onthou van die kanker in die hart, en die dokter hier het die x-strale gestuur ensovoorts, om te wys. Dit was omtrent veertien jaar gelede. Sy lewe nou.

370 Ek onthou die oproep, bid vir 'n klein, kreupel, rooi-kop seuntjie. Die Here het hom genees, hom gesond gemaak. Soveel dinge, net soveel, dis net talle, ontelbaar. Ek sal . . .

371 Ek sê dit, met—met Christen opregtheid. Ek reken, as ek elke geval moet neerskryf, wat gebeur het, wat ek Christus sien doen het vandat ek 'n prediker is, kon ek nie 'n volume boeke *so* hoog stapel nie. Ek het getuienis van doktersverslae, van vyf mense wat dood verklaar is, uitgelê as dood, en weer lewendig geword het, deur gebed. Sien? Baie wat aanspraak gemaak het dat hulle het, en ek—ek kan dit nie sê nie. Ek kan dit nie sê as daar nie een of ander manier is om dit te bewys, julle sien, en om dit te weet nie. Maar hulle gesien, na dood was vir ure, dae.

372 Wel, die klein Mexikaanse babatjie hieronder in Mexikostad, was dood vir . . . wel, dit het gesterf daardie môre om nege-uur, en dit was iets oor tien daardie aand. Die dokter het die verklaring geteken: "Baba, die baba het gesterf aan longontsteking, en was daardie hele tyd dood." En buite in die reën gestaan, daardie arme Mexikaanse moedertjie. Ek het nooit een ding gedoen behalwe net my hande op die babatjie te lê nie. Ek het 'n visioen gesien. My hande op die babatjie gelê. Dit het begin skop en skree. En die Christen Sakemanne het die artikel daarvan gepubliseer, nie lank gelede nie, of iets daarvan in die Sakeman Se *Stem*, oor die oprigting van die dooies. Nou, dit kan gedoen word. Maar wat as . . .

373 Ek sê julle wat. Laat ek vir die lidmate van hierdie kerk hier sê, en ek sal dit vir enige lidmate se kerk sê. Julle hierdie kerk aan God toewy, en al sy lidmate, sien, dit toewy aan God, elkeen van julle, met 'n heilige lewe voor God, kyk wat sal gebeur. Wanneer daardie kerk homself verbind, en begin bid, sien, die gebede van daardie mense begin opgaan voor God, sal Hy dit nie weier nie. Dis reg. Nou, ek's net een, wat hier baie sal wees van julle wat bid. En Goddelike genesing lê nie in enige sekere persoon nie. Dis opregte harte wat tot God bid, en dis opregte mense wat dit ontvang.

374 Ek besef daar's gawes wat na die Kerk toe gestuur word, wat geloof het. En ek—ek besef dat my bediening van die nasies deurkruis, en—en net neem, net 'n paar mense naderbring, en visioene wys, en dit fynkam. En diegene wat deur die gebedsrye van ander manne gaan, ensovoorts, hulle kom in. Dan sal ek moet stop, miskien is daar iets in die verlede in daardie persoon se lewe. En baie van julle het dit hier reg op die platvorm gesien: sonde wat uitgeroep word, verborgenhede van die hart, en dinge, en die rede gesê waarom hulle nie genees kon word nie.

375 Maar daardeur, deur net daardie paar te kry, want, net 'n paar, en dan is my krag op. Sien? En verstaan julle dit dan? Dis Skriftuurlik, en hoe dit is. Dan was daar baie ma's met 'n klein babatjie daarbuite, waarvoor ek nie eers kon bid nie, sien, baie siek persone waarvoor ek nie kon bid nie. Ek dink dis nou al goed genoeg bekend dat almal behoort te weet, dat ek julle die waarheid vertel het, sien, dat dit die waarheid is. En ek gaan net

bid vir die siek mense, en God vra om hulle te genees. En ek glo dat elkeen waarvoor ons bid, gesond sal word.

376 Nou, as daar enigiets in julle lewens is, mense wat hier staan, laat ek vir julle dit vra. As jy nie 'n Christen is nie, word 'n Christen. Gee jy jou hart vir Christus, net waar jy staan. As jy nie gevul is met die Heilige Gees nie, moenie ophou—ophou bid totdat God jou gevul het met die Heilige Gees nie. As jy enigiets verkeerd doen, in 'n Christen, hou op om dit te doen. Hou op om dit te doen. Ondersoek jou lewe. Lewe vir Christus. Ek gaan bid en vir God vra.

377 Nou, een oggend by 'n ontbyt, of liewer een aand, wil ek vir julle vertel wat gebeur het net—net . . . Ek het die veld verlaat en gewag, teruggegaan en gebid en gevas, om te kyk wat dit was. En iets wat ek altyd verlang het; dit het gebeur. So ek . . .

378 Dis niks, nou, fantasties nie. Ek soek nie daarna nie. Ek wil . . . Dit moet SO SPREEK DIE HERE wees, deur die Woord. Sien? Het, ons het te veel van hierdie aanraak, voel, en alles soos daardie hier nou, bygelowe ensovoorts. Laat ons wegkom van daardie goed. Laat ons reguit terugkom na God toe. Ons wil die Heilige Gees hê.

379 Ek glo dat God mense stuur om te bid vir die siekes. En ek is een van die nederiges. Ek is een van die kleintjies wat Hy gestuur het. En ek—ek wil my gebed gee vir julle vanaand, om genees te word. Glo julle. En ek wil hê hierdie broers hier, en susters, oraloor die gebou, moet by my aansluit in gebed. En laat net . . .

380 Ek glo ons begin net reg hierlangs. Laat iemand reguit oploop na die preekstoel. Dan laat hulle afloop, of terug, soos wat hulle het. Dit sal reg wees. Iemand, Billy, help sommige van julle my, bring dit net, bring vir ons.

381 Net hier, hierdie dame net hier. Jy hoef nie te begin met enige sekere een nie. Net ek kan nie . . . Ek is bang om hulle te laat . . . As hulle hulle kon laat afkom, kan hulle afkom aan daardie kant, broer? Goed. Nou ons net . . . Nou ons is net 'n bietjie laat, maar julle is almal my getuie net 'n oomblik, om te bid.

382 Ek ken suster hier. Ek—ek glo sy is 'n lidmaat van Broer Outlaw se kerk. Hoe gaan dit met hom? Goed. En, was siek? Ek kan nie jou naam sê nie. Maar . . . [Die suster sê: "Bagby."—Red.] Bagby, Suster Bagby. Ek behoort jou te ken. Jy was gaaf met my, Suster Bagby. En was dit nie . . . Was jy nie die een na wie toe Broer Outlaw my geneem het, om voor te bid, in die hospitaal, toe ek die eerste keer hiernatoe gekom het, jare gelede nie? ["Ja."] Was dit iets soos 'n . . . Wat het jy gehad, suikersiekte of hart? ["TB in die keel."] TB van die keel. En hy lewe steeds tot die eer van God. ["Dis reg."] Wel, dis so goed.

383 Nou, Hy is steeds dieselfde God vanaand, net dieselfde as wat Hy was. Ons mag verander het, maar Hy het nie. Nou, wat ook al jou probleem is, Hy sal dit wegneem, as jy dit glo. Sal jy dit glo?

Ek vra die kerk om saam met my te bid.

384 Hemelse Vader, soos ek my hande op hierdie suster lê, in die Naam van Jesus Christus, mag God haar genees. Ek spreek hierdie seën uit, tot eer van God, in die Naam van Jesus Christus. Amen. Nou, glo, Suster Bagby.

385 Glo jy dat God jou sal gesond maak as ons vir jou bid, en jy sal gesond word? En jy is 'n Christen, sal al die dank en lof aan God gee. Maar wanneer ons vir jou bid, nou, gaan jy huistoe om gesond te wees. Dit handel dit vir altyd af. Dis glad nie meer dink daaraan nie.

386 Ons Hemelse Vader, saam met hierdie kerk, dis baie van hulle wat pas hulle lewe weer toegewy het. Vader, ek bid dat U ons suster sal genees, in die Naam van Jesus Christus.

387 Nou, nie net my gebede nie, maar kyk net oral. Die diepe opregtheid! Ons is nie . . . Bedoel dit regtig uit ons hart. Jy gaan reg wees.

Jy sal dieselfde ding glo, nie waar nie?

388 Ons Hemelse Vader, met nederigheid van Gees . . . En, God, vergewe ons ontroue harte. Maak ons rein, Here, soos ons hande op die siek mense lê, want dis—dis iets uitspreek wat deur God gevra is om gedoen te word. En help net hierdie arme mense, Vader. Ek lê hande op suster, in Jesus' Naam, en vra vir sy . . . God seën.

389 ['n Suster praat met Broer Branham—Red.] Sekerlik. Ek vertrou . . . God seën jou, suster. Sal jy net 'n oomblik . . . Die dame bely opreg. Sy sê sy het 'n gees op haar, van kwaai humeur. En ons besef dat dit nie—dit nie mooi is nie. Maar, suster, nie net jy nie, maar daar's baie van ons, jy sien. Maar miskien sal sommige nie so eerlik wees om dit te bely nie. "Maar hy wat sy sondes sal bely . . . Hy wat sy sondes bedek, sal nie voorspoedig wees nie. Maar hy wat sy sondes sal bely, sal barmhartigheid vind." Jy weet dit.

390 So ek bid, Hemelse Vader, deur hande op suster te lê, dat hierdie humeur haar sal verlaat. Mag dit haar nooit weer pla nie, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Seën jou, suster.

391 My broer, glo jy Hy gaan—gaan die versoek toestaan? O! [Die broer praat met Broer Branham—Red.] God seën jou, broer. Miskien daardie, sien, senuweeagtig te wees, mag veroorsaak dat die hart so ontsteld raak.

392 Ons Hemelse Vader, met die besef dat ons nooit weet wanneer ons hart gaan stop nie, kan enige oomblik. En broer het 'n hartprobleem, en met 'n humeur wat hom stuipe laat kry. O, daardie duiwel sou hom graag in 'n vroeë graf wou laat beland. Maar ek, as U dienskneg, saam met al hierdie ander diensknegte vanaand, ons vra dat, in die Naam van Jesus Christus, dat die

humeur hom sal verlaat, en die hart gesond sal wees, en getrou sal wees aan Christus al die dae van sy lewe, en gesond sal wees om Hom te dien. In Jesus' Naam. Amen.

Seën jou, broer. Ek glo dis alles verby. Jy is genees.

Aangename kennis? Glo jy dat Hy jou versoek sal toestaan?

393 Ons Hemelse Vader, ons bring ons broer na U toe, onder die Naam van die Here Jesus, bring hom, as't ware, onder die kruis, en wys hom na bo. Kyk na daardie wonde daar. Kyk na daardie Bloed soos dit uit Sy sy drup en oor Sy gesig, die Seun van God, wat sterf, dat ons gereinig mag word van al ons sonde en siektes. Skenk dit aan ons broer. Deur Jesus' Naam, bid ek hierdie gebed. Amen.

394 Ek glo dis alles verby. En jy, broer? Gaan net huistoe. [Die broer sê: "Amen."—Red.]

395 Aangename kennis, broer? Glo jy nou hierdie gaan die aand wees? Dit gaan alles verby wees van vanaand af, en jy gaan gesond wees. [Die broer sê: "Amen."—Red.]

396 Ons Hemelse Vader, terwyl ek 'n hand vashou van ons broer, van hierdie aand af, mag sy versoek toegestaan word, hy gesond wees, en vir U lewe al die dae van sy lewe. In Jesus' Naam. Amen.

Ek glo dit gaan wees . . . Jy gaan reg wees.

397 Aangename kennis, broer? Hierdie is die uur wat dit alles verby is. Maak nou jou besluit. [Die broer sê: "Amen."—Red.]

398 Ons Hemelse Vader, soos broer gesê het: "Amen," is hierdie die tyd wat die besluit gemaak word, net hier in die Teenwoordigheid van Christus. Mag dit volbring wees, van hierdie aand af. In die Naam van Jesus Christus, word genees.

399 [Die broer sê: "Dank U, Here."—Red.] Seën jou, my broer. Glo dis nou verby. ["Amen."]

400 Aangename kennis, suster? [Die suster sê: "Ek wil hê jy moet vir my man bid. Hy is al kreupel vir twintig jaar."—Red.] O, mag ek jou sakdoek kry om hiermee saam te gaan? Dis alles reg. Dis alles reg. So iets, 'n tekentjie. Mag sê, die grond, maar ek reken die klere wat hulle gedra het in die ou dae. Wat van Jesus? Hy het een kleed gehad. Hy moes waarskynlik daarin geslaap het, daarin gelewe het, maar kyk wat dit bedek het. Goed.

401 Ons Hemelse Vader, haar kosbare man lê, kreupel. En hier is sy metgesel wat hier staan vanaand, met 'n klein lappie in haar hand. En hy is kreupel. Ek bid, Vader, dat U genadig sal wees. En dat die gebed van hierdie kerk wat hier saam vergader is, diegene wat vertoef in Phoenix, en die verskillende dele van die land wat hier verteenwoordig is vanaand, ons gebede verhoor sal word. En wanneer hierdie lap op die man geplaas word, mag die krag van God hom weer terugbring na normale lewe. In Jesus' Naam. Amen.

Nou, is dit gevra, laat dit nou gedoen word. Glo jy dit, suster.

402 Aangename kennis, suster? Wil jou sakdoek kry? Jy was . . . Jou behoefte nou, jy's miskien baie siek. Wil jy jou probleem vertel, of net . . . [Die suster sê: "Ek het artritis."—Red.] Artritis. Dit . . . ["Meer as twintig jaar."] Meer as twintig jaar.

403 Daar is 'n man wat reg agter my sit, met die naam van Broer Ed Hooper. Hy het dit so erg gehad, hier oorkant in Phoenix eenkeer, hulle moes sy hande op kussings hou. Was dit nie, Broer Ed? En hy was sterwend, amper, daaraan, daardie middag, of manier wat ek die storie verstaan. En hy het toe vir sy vrou gesê dat hy dink hy gaan. En hy het gekyk en hy het Christus op die kruis gesien, of iets, wat vooroor val, of iets. En hy het so gesond geword, dat hy kon . . . Daar sit hy, net hier nou, wat daaragter sit. Ja. Broer Hooper, sy wil jou net graag sien. Daardie, steek jou hand op. Daar het jy dit.

Kom ons bid.

404 Ons Hemelse Vader, die man wat teenwoordig is, laat ons weet dat U die Geneser is. Ons lê hande op suster. Hierdie klein toegewyde, nederige gebedjie bid ons vir haar genesing, Vader. In die Naam van die Here Jesus, tot Sy eer. Amen. Amen.

Glo jy? Hierdie is . . . dit sal verby wees dan. Jy sou wees . . .

405 Jy het altyd dieselfde ding gehad. [Iemand sê: "Dis reg."—Red.] God seën jou.

406 Aangename kennis, suster? [Die suster sê: "Ek het suikersiekte, sê die dokter vir my, en atritis. Ek is al siek vandat my man oorlede is drie jaar gelede."—Red.] Ons suster ly al, vandat haar man oorlede is drie jaar gelede, aan suikersiekte en artritis. En sy glo dat God haar sal genees. Ons glo dieselfde ding.

407 Hemelse Vader, met hande nou op haar gelê, mag sy terugkeer na die kerk saam met baie ander, en God net dank dat dit alles oor en weg is. Ons vra dat dit so sal wees, Vader, in ons nederige gebed, in Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, my suster. Glo nou.

408 Aangename kennis, suster? Glo jy dat vanaand die einde daarvan sal wees, en jy Hom nou kan aanvaar as jou Geneser? [Die suster sê: "Ja, meneer, ek glo."—Red.]

409 O, dierbare God! "Die gebed van geloof sal die sieke red, en God sal hulle oprig." Ons dink aan ons Here, hoe Hy hier gereis het op aarde en die siekes bedien het, en die baie dinge wat Hy gedoen het. Nou bid ek vir ons suster, in die Naam van Jesus Christus. In die opdrag wat aan ons gegee is as predikers, bid ons hierdie gebed vir haar genesing. Amen.

410 Glo net dis alles nou gedoen. Al die geloof wat jy het, sit dit net daarby. Dit sal gebeur.

411 Aangename kennis, broer? Op grond van Sy Woord, kan net hier volbring word. [Die broer sê: "Prys die Here."—Red.]

412 Hemelse Vader, skenk hierdie versoek van ons broer. In die Naam van Jesus Christus, mag hy genees word. Amen.

413 [Die broer sê: "Dank die Here. Amen. Dank die Here."—Red.] Seën jou, my broer . . .?. . .

414 Aangename kennis, suster? Is jy nou bereid, en gereed om Sy genesing te ontvang? [Die suster sê: "Ja."—Red.] En terwyl ons vra, jy sien, daardeur, niks in die pad wat Hom sou keer om Sy Gees uit te stort nie? ["Waarskynlik."]

415 Ons Hemelse Vader, soos ek hande lê op ons suster, U die mense sien gesond maak, bid ek en glo met my hele hart dat U haar versoek sal skenk. In Jesus Christus' Naam. Amen.

[Die suster sê: "Dank U, Jesus."—Red.] God seën jou, suster.

416 Julle weet, ek wil net dit sê terwyl hulle opkom. Ek kon nooit verstaan hoekom ek . . . Net voor ek selfs pinkster geword het, sou ek net gaan en bid vir die mense. Hulle, hulle sou net gesond word. Ek weet nie. Dit is nie enigiets wat ek daarmee te doen gehad het nie. Dis net—dis net om Hom te glo. En ek bid net, en, die eerste ding waarvan jy weet, sou mense gesond wees.

417 Dis hoe enigiemand maak. Ons bid net en glo dit. Hulle raak net gesond. Dis al. Sien? Hoeveel is al genees deur Goddelike genesing? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ja. Sien?

418 O, julle sien, jy—jy kan sien jy's tussen pinksters en Volle Evangelie mense. Daardie hande, hulle glo dit. Sien? Sien julle nie hoekom die Here vurig is oor julle nie? Nie om julle te probeer seermaak nie, maar om te probeer om, julle weet, ons by daardie punt te kry "sonder vlek of rimpel." Ek hoop nie julle raak kwaad vir my omdat ek woorde daarvan uit die Bybel bring nie. Ek—ek doen dit in verdraagsaamheid van goeie geloof teenoor God.

419 Hierdie is die uur daarvoor om met jou te gebeur. Is dit nie, suster? Nou, dit moet gebeur, sien, want Hy het dit belowe. Amen? [Die suster sê: "Amen."—Red.]

420 Ons Hemelse Vader, seën ons suster soos ek my hande op haar lê. En in die geloof, sit elke Christen hierbinne hulle hande op haar. Hierdie kerk wat bid, vra ons vir die siekte en beproewing om haar te verlaat. In Jesus' Naam. Amen.

Hierdie is wat Hy dit belowe het.

Aangename kennis, suster? Jy glo vanaand is die aand daarvoor.

421 Ons Hemelse Vader, in die Naam van die Here Jesus, laat hierdie die finale afwerking wees hierdie uur, dat sy gesond gemaak sal word. In Jesus' Naam. Amen.

Seën jou, my suster. Dit sal alles verby wees, van vanaand af.

422 Aangename kennis, suster? Hierdie is die uur van jou genesing? Goed, meneer.

423 Ons Hemelse Vader, ek bring ons suster voor U, in die Naam van die Here Jesus, en bid hierdie gebed om haar onthalwe, dat sy genees sal word in Jesus' Naam. Amen.

424 Ek . . . Sien, dit is nie net my gebed nie. Elkeen hierbinne bid, sien, almal op een slag. En ons is bewus dat God teenwoordig is. Ons weet dat Hy—Hy moet wees. Sien? Hy het dit belowe. Gaan jy, gelowig.

Aangename kennis, suster? Hierdie is die uur daarvoor, is dit nie, om genees te word?

425 Ons Hemelse Vader, laat dit afgehandel wees vir haar, van vanaand af. Mag sy hierdie kerk vanaand verlaat, blymoedig, in die wete dat dit volbring is. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Seën jou, suster.

426 Aangename kennis, suster? Hierdie is die aand vir jou genesing, is dit nie? Hierdie is die tyd, net nou, voor die Bybel en die kerk, en Christus.

427 Hemelse Vader, onder die predikers, onder die leke, lekedom, al die heiliges van God, die Engele, en die Heilige Gees, in die opdrag van Jesus Christus, dat: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." So, ons maak aanspraak daarop, as volbring, vir ons suster vanaand, haar genesing, in Jesus' Naam. Amen.

Seën jou, my suster.

428 Ons sal dieselfde ding vir jou doen, broer. Sal jy dit glo? [Die broer sê: "Ek glo."—Red.]

429 Ons Hemelse Vader, hy het gesê hy glo. So moet dit gedoen word, Vader. Dis wat U gesê het. "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." En hy glo. So ons dank U vir sy genesing, Vader, in Jesus' Naam. Amen.

Dis goed. Jy weet hoe om dit te aanvaar en dit te glo.

430 Aangename kennis, broer? Hierdie gaan die aand wees van die genesing. Lê dit net hier neer en stap weg daarvanaf.

431 Ons Hemelse Vader, ons bring ons broer na U toe, in Jesus' Naam, vir sy genesing. Hy gaan dit net hier los, Here. En die vyand sal hom moet verlaat. Hy sal weer vrygemaak word, in Jesus' Naam. Amen. So sal dit wees.

432 Aangename kennis? Glo jy Jesus gaan jou hier genees vanaand?

433 Ons Hemelse Vader, soos hierdie kind kom om haar genesing te ontvang, bid ons, die kerk, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing. Amen.

Sien? Dis dit. Dis alles verby. Seën jou, suster.

Dit gaan alles verby wees, van vanaand af, nie waar nie?

434 Ons Hemelse Vader, die mense glo. Hulle glo; hulle sou nie oor die platvorm geloop het hier nie. Hulle is siek. Hulle weet wat om te doen. Hulle is geleer. Hulle weet dat hierdie die uur is wat hulle hulle finale besluit neem. En hulle kom vir daardie bevestiging. "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." En ek lê hande op haar, in Jesus' Naam. So sal sy genees word. Amen.

435 God seën jou, suster. [Die suster sê: "Broer Branham, nie vir jou was, vyftien jaar gelede nie, sou ek dood gewees het."—Red.] Is dit . . . ["Dis waar. By Broer Reed se diens by Jonesboro, Arkansas."] Jonesboro, Arkansas. ["Prys God!"] Goeiste, baie jare gelede!

436 Wat was jou probleem, suster? ["Wel, ek het 'n geswelde skildklier gehad. As jy . . . Ek weet nie of jy dit onthou, of nie."—Red.] Ek kan nie. ["Maar ek het 'n geswelde skildklier gehad. Dit het 'n . . . Dit was groot soos *hierdie*, en dit het my hart affekteer. En daardie môre . . . Die meerderheid van my mense is Jehova Getuies. Daardie môre, het ek gesê: 'Hy's net die profeet van die duiwel.' Maar ek het uitgegaan in my tuin. God het met my gepraat. Hy het gesê: 'Catherine, as jy na Broer Branham toe gaan vanaand, sal jy genees word.' En ek het teruggegaan in die huis en hulle almal vertel. Ek het gesê: 'As ek vanaand gaan, God het met my gepraat, sal "ek genees word."' 'En ons sou net gaan, om haar te plesier.' Hulle het saam met my gegaan. Die meerderheid van my mense is nou Pinkster."] Prys die Here!

437 Kon julle die getuienis hoor? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wag nou, net 'n oomblik, suster. Ek sal dit herhaal.

438 By Jonesboro, Arkansas, dit was omtrent, amper veertien, vyftien jaar gelede, sy het 'n groot geswelde skildklier gehad wat uitgehang het, op haar nek. En sy was 'n Jehova Getuie. En daardie oggend, toe sy gehoor het van ons diens daarbo vir die Here, het sy gesê ek was "'n profeet van die duiwel." En sy het uitgegaan in die tuin om te bid, en die Here het met haar gepraat, en gesê: "Gaan soontoe en" sy "sou genees word." En die Here het haar genees. Sy het geen geswelde skildklier meer nie. En haar mense, wat Jehova Getuies was, meeste van hulle is Pinkster vanaand.

439 Nou, as Hy daardie goeie Christenvrou se nek kan glad maak soos daardie, kan Hy jou genees. Kan Hy nie? Hy kan beslis.

440 Ons Hemelse Vader, met hande gelê op ons broer, vra ons vir sy genesing, in die Naam Jesus Christus. Amen.

God seën jou.

Hy is net dieselfde vir jou as wat Hy vir haar sou wees. Is dit reg?

441 Ons Hemelse Vader, 'n eenvoudige gebedjie met eenvoudige geloof! O, ek's so bly Here, U maak dit eenvoudig, sodat ek dit kan verstaan, U net kan aanvaar. En, Vader, ek bid dat U hom sal genees, en hom sal gesond maak, in Jesus' Naam. Amen.

442 Aangename kennis, suster? [Die suster sê: "Broer Branham, ek het 'n operasie vir tuberkulose gehad. En ses van my ribbes is uitgehaal, en dit het nie reg genees nie. En—en dit gee my soveel probleme. Ek kan nie my arm so goed gebruik nie, jy weet."—Red.] Ja, mevrou. ["Word moeg."] Ek sien waar jy asemhaal, ook. Ek reken die . . . ["Ja. Ek kan nie goed asemhaal nie."] Dis so 'n vreeslike ding. ["Ek kan nie goed asemhaal nie. My long het platgeval, jy weet, aan een kant."] O, ja, goeiste! Dit ly dan, ek reken, vreeslik. O, goeiste! ["Ja. Ja. Dan sit dit druk op my hart."]

443 Daar is geen rede vir haar om enigsins langer te ly nie. Is daar? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Sien? Die dokters het dalk geopereer, en die ribbes uit haar long uitgehaal, en haar waarskynlik long-bors-behandeling gegee, en die long laat platval. En—en die dame ly. En jy kom, in die geloof dat Christus jou sal genees, en jy wil jou hele lewe vir Hom spandeer in diens, om vir Hom te doen. Dan, Christene, dink ek het ons 'n reg om hierdie dame voor Christus te bring, en Hy sal haar genees.

Kom ons bid, almal van ons.

444 Ons Hemelse Vader, ons suster kom in nederige aanbidding vanaand, in die wete dat haar dokter alles gedoen het wat hy kon doen. Hy het hard probeer, maar steeds wil dit nie genees nie. Maar U is die Geneser. Laat—laat haar genees word, Vader. Ons vertrou haar toe aan U, dat U haar sal genees, in Jesus' Naam. Amen.

445 Seën jou, suster. Word nou genees. Ek glo dit sal genees, en jy sal reg wees.

446 Aangename kennis, suster? Glo jy dat Hy jou sal genees vanaand? [Die suster sê: "Ek weet nie wat dit is nie, maar Hy weet."—Red.] Goed, Hy sal dit doen, egter, as jy Hom net sal glo. Sal jy? ["Ja."] Goed. Kom ons bid.

447 Ons Hemelse Vader, die dame kom, gelowig. Sy het gesê sy weet nie eers wat verkeerd is met haar nie. Maar Hy weet. Wat dit ook al is, Here, sy wil ontslae raak daarvan. Ons . . . Sy weet dis van die vyand. Ek bid dat U haar versoek sal skenk, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Seën jou, suster. Gaan jy, en glo met jou hele hart.

448 Aangename kennis, suster? Glo jy dat vanaand die beslegtingstyd sal wees?

449 Ek het gedink, die dame van Arkansas wat pas getuig het. Ek onthou, in 'n ry daar, ek sal dit nooit vergeet daar nie, 'n dame wat 'n sakdoek vasgehou het. Ek het gedink sy huil. En toe sy dit

laat sak, die sakdoek, het sy nie 'n neus gehad nie. Kanker het haar neus afgevreet. En haar seun was 'n plaagbestryder oorkant in Texarkana. En ek—ek het vir haar gebid.

450 Net die volgende diens, 'n pragtige dame wat daar gestaan het, gekyk, sy het baie jonk gelyk, en na my gekyk. Sy het gesê: "Onthou jy my nie?"

Ek het gesê: "Ek dink nie so nie."

451 En die seun het soort van begin huil en kyk. Dit was daardie dame. Sy het 'n nuwe neus gehad. Dit het teruggegroei op haar gesig. Ek weet dit klink onlogies. En ek—ek sou nie—ek sou nie iets wou sê wat nie reg is nie. So, daar, ons behoort dit nie te doen nie. Ons behoort doodernstig te wees wanneer ons hierdie dinge sê. Maar ek het na die dame gekyk wat daar gestaan het sonder 'n neus. En toe 'n paar weke later, het ek haar weer ontmoet, sy het 'n neus gehad. En dit—dit net. . . Sy het gesê die kanker het net ophou vreet. En na 'n tydjie het dit net begin soos iets wat teruggroei, en daar het sy weer 'n neus gehad. Sien? Dis so wonderlik om te sien hoe Hy dit kan doen.

452 Nou, Hy wat dit kan doen, kan jou genees. Kan Hy nie, suster? Dis nie die vraag, Sy krag om dit te doen nie. Is gewilligheid. En ek wil graag dit vir jou sê, suster, as 'n sterfling, dat beide van ons soos hierdie in Sy Teenwoordigheid moet staan eendag. Hy het dit alreeds gedoen, as Hy jou net kan kry om dit te glo. En daar is 'n klein handelinkie om 'n Christen te wees, om gedoop te word ensovoorts, soos daardie. Jy dit glo as ek vir jou bid, sal jy gesond word, suster.

Nou, die hele kerk bid saam met my wanneer ons bid.

453 Ons Hemelse Vader, hierdie jongdame wat hier staan, en in die Teenwoordigheid van God. Ek lê my hande op haar, en vra vir haar genesing, in die Naam van ons Verlosser, Jesus Christus. Amen.

God seën jou, suster. Laat dit gedoen word van nou af.

454 [Die suster sê: "Broer Branham, ek kom in plek van my ma wat katarakke het op albei oë."—Red.] Ja. O, ek sien. ["Sy is vyf-en-negentig."] Vyf-en-negentig. Hierdie is iets dierbaars, om te kom vir haar vyf-en-negentigjarige ma met katarakke.

455 Ons Hemelse Vader, soos sy hier in die plek staan, het sy gesê, vir haar ma, wat ver gevorder is in ouderdom, met katarakke, bid ons vir haar ma. O God, hierdie kerk bid vir haar ma se genesing, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Moenie twyfel nie. Glo net.

456 Dierbare suster, dit gaan ver-. . . Kan jy glo dat dit verby gaan wees vanaand? [Die suster sê: "Amen."—Red.]

457 Ons Hemelse Vader, met hande op haar gelê, vir 'n voltooide werk om volbring te word, mag dit nou so in haar wees. In Jesus' Naam vra ek dit. Amen.

God seën jou, suster.

My broer, glo jy nou met jou hele hart?

458 Vader God, ons bring hierdie jongman na U toe hier, lê hande op hom, in die Naam van die Here Jesus. Mag die voltooide werk van Christus op Gólgota voltooi word in hom, deur hom te genees. Amen.

Seën jou, broer. Laat dit verby wees, vanaand.

459 Aangename kennis, suster? Ons gaan glo dat die verby gaan wees vanaand. [Die suster sê: "Ek glo, ook."—Red.] God gaan dit voltooi net hier.

460 Ons Hemelse Vader, net . . . Daar staan geskrywe, nou sal dit gespreek word, dan moet dit gedoen word. Laat dit so wees in ons suster se liggaam. In die Naam van Jesus Christus vra ons dit. Amen. Amen.

Ons glo dit nou met ons hele hart. Sy sal reg wees.

461 Gebreekte nek? [Die suster sê: "Nee. Dit was 'n slegte val."—Red.] Slegte val. ["En 'n teken hierop. Ek dra dit."] O! Ja. Uh-huh. ["Daar's die heeltyd pyn! . . . ? . . . "] Goeiste! Ellende! Wel, suster . . .

462 Nou, elkeen van ons hier, Christene, almal van ons, ons verbeel ons net hoe ons sou voel, met daardie aan ons. Nou, wat as dit net omgekeerd was, die dame vir my gebid het? Of wat as sy vir jou gebid het? Nou, hoe sy in ellende is die heeltyd! Nou, hoe jy sou wou gehad het iemand moet baie eerlik, opreg en doodernstig hieroor wees! As dit ek was, sou ek wou. En nou, doen aan ander soos wat jy wil hê hulle moet aan jou doen. Nou, elkeen van julle hou net hierdie geloof, en soos 'n ware kerk, sê, soos ons is, sê: "Vader God, neem nou die ellende weg van ons suster."

463 Ons Hemelse Vader, mag sy terugkom, hierdie stuk wat om haar nek is, saambring, in die wete dat sy dit nie meer hoef te dra nie, dat dit volbring is deur Jesus Christus, soos die kerk bid en hierdie seën vra. Antwoord hierdie Christene, Here. Hulle het hulle lewens toegewy aan U. In Jesus' Naam, mag sy genees word. Amen.

464 Laat dit net verby wees, ophou. Dit sal nie meer seermaak nie, en jy sal reg wees.

Broer, dit nou verby sal wees. Handel dit vir altyd af.

465 Hemelse Vader, in die Naam van die Here Jesus, skenk die genesing van ons broer. Ons vra dit tot die eer van God, in Jesus' Naam. Amen.

Seën jou, my broer.

Verby wees, van nou af.

466 Here, hierdie vroutjie wat hier staan vanaand, laat die werk van die Here Jesus gedoen word in haar liggaam, want deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons vra vir hierdie seën, in Jesus' Naam. Amen.

Dis nou verby.

467 Aangename kennis? Glo jy Jesus gaan jou gesond maak vanaand? [Die suster sê: "Asma-aanvalle, en ek het boonop 'n gewas."—Red.] Asma, goeiste, dis 'n nare ou ding. Is dit nie? Sekerlik.

468 Broer Williams hier, broer, 'n Christen sakeman. Hy . . . Ja, hy is. Ja. Hy het gehad 'n . . . Mayo's het hom net opgegee, met asma, gesê hy sal nie meer enige gewig optel, of enigiets nie. Hy het daar aangekom, was omtrent amper 'n jaar gelede, glo ek, na die tabernakel toe een aand. En ek het uitgegaan, vir hom gebid, en die Here het hom gesond gemaak. Ek reken hy het opgetel. Hy sit . . . Hulle het gesê hy kan nie meer gewig optel nie, sal nooit weer enige gewig kan optel nie. En hy het dertig, twee-en-dertig pond opgetel, van toe af.

469 ['n Ma sê: "Broer Branham, daar's 'n klein dogtertjie, ons dogtertjie, sewentien jaar oud, was genees in jou diens toe jy in Phoenix was, omtrent tien, elf jaar gelede. Ons jongste dogter is oombliklik genees in die diens. Was 'n asmalyer; ons het haar amper verloor. Sy het, veertien keer, longontsteking gehad."—Red.]

Hoor dit, skat?

470 [Die ma sê: "God het oombliklik . . . "—Red.] Is die dame . . . Is sy nou hier? ["Sy is net *daar*, die—die derde een van die punt af, die tweede ry."] Klein dametjie hier met . . . O, ja. Ek sien dit. ["Ons . . . "] Gaan voort. ["Ons het getuig, van kus tot kus, van haar—van haar genesing."] Is . . .

471 Hoor jy dit? Nou kyk. Jesus het daardie genees toe sy waarskynlik kleiner as jy was. [Die ma sê: "Ja, sy was 'n klein dogtertjie."—Red.] Klein, en sy het longontsteking, en alles gehad, dit net so kwaai gehad. En kyk, Jesus is lief, Hy is lief vir jou. En Hy . . . Kyk hoe—hoe mooi lyk sy, sien, en gesond. Nou, jy sal ook so wees.

Kom ons bid nou.

472 Hemelse Vader, met ons hande gelê op die dogtertjie, vra ons dat die asma haar verlaat, en sy gesond gemaak sal word, deur Jesus Christus ons Heer. Amen.

473 Seën jou. Nou gaan jy, en jy gaan oor dit kom, en jy sal gesond word, en getuig soos die dame het van haar dogtertjie.

Aangename kennis, suster? Glo jy die Here Jesus sal jou genees?

474 Ons Hemelse Vader, ons bid dat U hierdie dogtertjie ook sal genees. Mag haar getuienis wees soos die suster so pas gesê het. Mag sy, van kus tot kus, God prys vir die goedheid wat Hy bewys het. Amen.

Seën jou, suster.

Aangename kennis, suster? Hierdie is die tyd van jou genesing nou?

475 Ons Hemelse Vader, terwyl die dame kom, in die opregte geloof dat hierdie die tyd is van haar verlossing, mag dit so wees, Vader, soos ons vra, in Jesus Christus' Naam. Amen.

476 Seën jou, suster. Laat dit verby wees, van nou af, nie meer dink daaraan nie. Vir jou ook, suster.

477 Ek weet dit klink kru, sê: "Nie meer dink daaraan nie." Maar ek—ek bedoel dit nie so nie. Ek bedoel dit, dat dit, net, 'n voltooide werk is. Dis alreeds gedoen. Sien? Net as 'n . . .

478 ['n Suster sê: "Ek het 'n—ek het 'n gewas! . . . ? . . . "—Red.] Reg. En jy glo dat Hy dit heeltemal gesond sal maak? ["Beslis."]

479 Ons Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak. Ons lê hande op haar, in Jesus' Naam, vra vir haar genesing. Amen.

Laat dit net verby wees in jou gedagte, afgehandel, en dit sal reg wees.

480 Aangename kennis, seun? [Die broer sê: "Ek het . . . ? . . . in—in my maag."—Red.] In jou maag? Glo jy Jesus sal jou gesond maak, seun?

481 Is dit jou seun? Glo jy dat Hy dit sal doen, suster? Ek weet. Dit klink . . . Wel, jy ken die getuienis, wat ons . . . die Here gedoen het in Sy Kerk in die laaste dae, baie meer as wat ons broertjie nou het. Hy is God, Wat kan skep. Hy kan . . . Waar soos . . .

482 Kyk. As 'n koringhalm opkom, en 'n kluit val daarop en—en vervorm daardie koring, en dit na die ander kant laat draai, dan groei die koring nie reg nie. Maar verwyder daardie oorsaak, dan sal die koring reg groei. Sien?

483 Wel, Satan het iets boos hier gedoen. Maar as die gebed van geloof hom kan uitwerp, dan sal dit reg groei. Jy glo dit, nie waar nie?

Nou kom ons bid vir hierdie kosbare seun hier.

484 Hemelse Vader, eenvoudig maar kragtig, laat die krag van God ons broertjie genees. Mag daar so 'n verandering in hierdie seun wees, dat die ma so verheug sal wees daaroor, in die volgende paar uur. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

485 God seën jou, my broer. Glo Hom. God seën jou. Baie dierbare seun. God seën jou.

486 ['n Broer sê: "Ek het hoë bloeddruk."—Red.] Hoë bloeddruk.

487 Hemelse Vader, ons broer praat van die hoë bloeddruk. Ek bid dat U hom sal genees, Here. Mag dit hom vanaand verlaat. Mag, wanneer hy sy volgende ondersoek kry, of wat dit ook al is, die dokter sê: "Wel, dis, jy's weer terug na normaal." Onder in sy hart sal hy dankbaar wees, Here. Ek bid in Jesus' Naam. Amen.

488 [Die broer sê: "My vader is baie siek. As jy oor daardie sakdoek sal bid, sal ek dit na hom toe neem."—Red.] Ek sal dit met graagte doen, my broer.

489 Hemelse Vader, sy—sy vader, hier op aarde, is siek. Hy het 'n sakdoek hier. [Die broer sê: "Ja."—Red.] Wil dit op sy pappa lê. ["Glorie aan God! Dank U, Jesus."] O God, ek bid dat U die geloof van sy seun sal eer. ["Glorie aan God. Ja, Here."] En sy vader sal genees, in Jesus' Naam. ["Ja. Amen. Dank U, Jesus."] Amen. ["Prys God!"]

490 God seën jou, my broer. Mag God elke deeltjie skenk, en ek glo Hy sal.

491 Suster, dit gaan nou oor wees, nie waar nie? Van net nou af, gaan dit weggaan. [Die suster sê: "Ja."—Red.]

492 Ons Hemelse Vader, soos ons, U kerk, bid vir ons suster in haar toestand, mag die krag van God haar genees en haar gesond maak, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Seën jou nou, suster? "Vra en dit sal gegee word."

493 Aangename kennis, suster? Gaan Hy jou gesond maak van vanaand af? [Die suster sê: "Ja."—Red.]

494 Ons Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees, haar gesond sal maak. [Die suster sê: "Ja."—Red.] Sy kom en sê sy glo dit gaan so wees. Laat dit dan so wees, Vader. Ek vra in Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, suster.

Aangename kennis, suster? Hierdie is die uur van verlossing vir jou.

495 Ons Hemelse Vader, hierdie nederige mense loop oor die platvorm, in die geloof dat U hulle siektes sal genees. Hulle het soveel gehoor wat gesê is. "En geloof kom deur die gehoor," die gehoor van getuienisse. Wat: "Ons oorwin deur die Bloed van die Lam en ons getuienis." Ek bid dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak, deur Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, suster, laat dit net daar.

496 Dierbare broer, en hierdie gaan die uur wees wat dit verby gaan wees. Is dit reg?

497 Ons Hemelse Vader, ek bring hom na U toe, saam met hierdie kerk, hulle gebede, van al hierdie getroue predikers, en diakens, en ouderlinge, en lekelidmate, almal. Die Heilige Gees in ons midde, wat getuig van Sy Woord. "Hulle sal hande lê op die

siekes; hulle sal gesond word." U het dit belowe, Vader. Genees nou sy oë en maak hom gesond, in Jesus' Naam. Amen.

Seën jou, my broer. Laat dit verby wees, net van nou af.

498 Aangename kennis, suster? Glo jy dat dit verby sal wees van nou af? [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.]

499 Ons Hemelse Vader, mag dit verby wees vir ons suster, van hierdie aand af. Mag sy genees word tot die eer van God. Amen.

Seën jou, suster. Glo nou met jou hele hart, glo dis verby.

500 Aangename kennis? Die baba? [Die suster sê: "Ja. Sy het 'n allergie wat 'n senuwee-ineenstorting veroorsaak het."—Red.] O, goeiste! O, goeiste! Dis jammer. Jy's 'n baie mooi ou dogtertjie. Jesus gaan jou nou gesond maak.

501 Ons Hemelse Vader, met my hande op hierdie klein kindjie, met die gevoel onder in my hart: "Wat as dit Sarah, my dogter, was?" Dis iemand se dogter. En ek bid, Vader, dat U die ou dogtertjie sal genees, van hierdie allergie. En mag hierdie aanvalle haar verlaat. Mag sy gesond wees, in Jesus' Naam. Amen.

502 Nou gaan jy oor dit kom, skat, en reg wees. Glo jy dit, suster.

503 Aangename kennis, broer? Gaan dit oor laat wees, van vanaand af. Is dit reg, meneer? [Die broer sê: "Amen."—Red.]

504 Vader, God, ek bid dat, in Jesus' Naam, dat U ons broer sal genees, hom sal gesond maak. Mag dit verby wees net nou, in sy lewe, alles verby; dat hy geloof sal hê, ontwyfelbare geloof, in sy hart. Hy sal gesond wees, in Jesus' Naam. Amen.

505 Seën jou, my broer. [Die broer sê: "Broer Branham, ek wil graag *daarvoor* gebed hê, vir my ma. Sy's drie-en-tagtig jaar oud. Sy is gepla met asma en hartprobleme."—Red.] Wel, seën jou hart!

506 Hemelse Vader, sy ma, drie-en-tagtig jaar oud, en ly aan hart en asma. Skenk, Here, dat wanneer hierdie klein tekentjie op haar gelê word, mag sy gesond word, in Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, broer, en jou ma, ook.

507 Laat dit verby wees, net van nou af, suster. Laat dit net die verlede wees. Hierdie is die toekoms wat hier aankom.

508 Hemelse Vader, in die Naam van Jesus Christus, genees hierdie, ons suster. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

Dis nou weg. Glo dit net.

Aangename kennis, broer? Gaan verby wees, van nou af.

509 Ons Hemelse Vader, ek bid vir ons broer, dat U sy liggaam sal genees en hom sal gesond maak. Mag dit verby wees, van hierdie uur af, in Jesus Christus' Naam. Amen.

Seën jou, broer.

510 [’n Broer sê: “Ons ken ’n dame. Sy het ’n deel van haar sig verloor in een oog, en oorblyfsels in die ander.”—Red.] O, goeiste! [“En ons wil graag . . . ”] Dat daarvoor gebid word. Wel, ek sal dit met graagte doen, broer. Glo jy nou saam met my, dat sy gesond sal word.

511 Ons Hemelse Vader, die pragtige dame iewers, wat wag op hierdie sakdoek om op haar gelê te word. Ons stuur dit na haar vir haar genesing, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God. Amen.

God seën jou.

512 Nou daar is ’n dame wat hier sit wat nie kan opstaan nie, en een *hier* oorkant, en ’n man, ook. Ek gaan ondertoe om vir hulle te bid. Nou, bid julle almal saam met my. Sal julle? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

513 [Broer Branham verlaat die preekstoel, om te bid vir diegene wat nie kan opstaan nie—Red.] O, goeiste. [Leë kol op band.]

514 [’n Broer sê: “Die knop wat sy in haar bors gehad het, is weg, en die pyn is weg.”—Red.] O, prys God! [Gemeente juig.] Dit wonderlik? [Gemeente juig.]

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

515 [’n Suster sê: “Broer Branham, ek is op die punt om my seun te hê. Ek is huis toe gestuur, huis toe gestuur, om te sterf aan kanker. En Suster Waldorf het soontoe gekom. Sy het vir my gebid. Sy het met my gepraat, en sy het vir my gesê om te glo vir genesing. En daar is vir my gebid, en ek glo vir my genesing.”—Red.] God seën jou. [“Maar ek is nie gesond nie, so sal jy vir my bid?”] Ek sal beslis.

516 Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak. Deur Jesus Christus’ Naam, vra ek dat dit volkome genees sal word, vir hierdie swangerskap. Amen.

God seën jou, suster. Gaan en word gesond nou. Neem jou genesing.

517 Sien hoe eenvoudig dit is? Nou, sê vir my wat hier verbygegaan het, om daardie knop te verwyder en die pyn weg te neem van die vrou, wat nie eers die Boodskap kon hoor nie? Sien? Reg. Sy is daar oorkant besig om God te prys. As ’n vrou, wat beide doof, stom en blind is, God kan prys omdat kanker van haar afgehaal is, kan ons sekerlik, wat gesond is soos wat ons is vanaand, God prys daarvoor. Dink julle nie so nie? Ja. Laat ons net soort van mekaar se hand skud terwyl ons sing.

Ek lief . . .

518 [Broer Branham skud hande—Red.]. . .?. . .(Waar is die diens, môre? Is dit aangekondig?) ['n Broer sê: "Dieselfde. Tempe."] (Tempe, Arizona.)

['n Suster sê: "Sal jy bid *daarvoor*, ek wil dit op hom sit terwyl hy. . .?. . ."—Red.]

519 In die Naam van die Here Jesus, skenk dat, op wie hierdie ook al gelê word, mag hulle genees word tot die eer van God.

520 Is Hy nie wonderlik nie? Ek—ek sê vir julle dit, ek hou net van hierdie Manier. Ek—ek hou van God. Ek het Hom lief met my hele hart. Hy's my Verlosser.

521 Nou, môre-aand, ek dink die volgende diens is by Tempe, Arizona, met Broer. . .Wat is sy naam? Wat? ['n Broer sê: "Groomer."—Red.] Groomer. Groomer, Broer Groomer, bo by die Gemeente van God. Is dit? Gemeente van God by Tempe. Volle Evangelie. Ja. Dit is aangekondig, dink ek. Goed.

522 Nou, het julle Hom baie lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Amen. Net wonderlik!

Nou, gee ek die diens oor aan broer, die pastoor.

Iemand, wag, iemand om voor gebid te word? Net 'n oomblik.

523 Gaan voort. ['n Broer sê: "My vrou is al vir twee jaar siek. Ek wil hê jy moet vir haar bid."—Red.] Wel, ek sal dit met graagte doen, my dierbare broer.

524 Nou, vir sy siek vrou, is al vir twee jaar siek. Nou laat ons net vir Vader glo. Ek weet die wêreld mag neersien hierop en sê: "Ek glo dit nie." Wat van die die dame wat getuig het 'n paar minute gelede, wat die geswelde skildklier daarbo in haar nek gehad het? Wat daarvan? Sien? Hierdie mense wat. . .Klein dogtertjie hier, is nou 'n jong vrou, daar was daardie asma, en alles, in haar toestand. Kyk na alles wat ons weet waar is. Sien? Hy sal. . . Hy. . .God, vir sy vrou, ook.

Kom ons bid.

525 Here Jesus, 'n siek vrou. Ek bid dat hierdie lap, op haar gelê, 'n teken sal wees van hierdie byeenkoms vanaand en die Woord van God. En mag sy genees word tot U eer. Amen.

526 God seën jou, broer. [Die broer sê: "Broer Branham, ek gaan jou dit sê. Dertien jaar gelede, was jy hieronder in Phoenix. Ek het agterin die gehoor gesit. God het vir my gesê as ek opgaan en die soom van jou kleed aanraak, sal ek genees word. Die duiwel het gesê: 'Moenie gaan nie. Jy sal voor iemand anders indruk.' En jy het opgestaan en gesê: 'Daar iemand is in hierdie gebou, wat sou kom en dit aanraak, sal hulle genees word.' Ek het omgedraai, gesê vir 'n ou broer, ek het gesê: 'Ek is die kêrel.'"—Red.] Nee, nee.

Seën sy hart. Kom ons bid.

527 Hemelse Vader! Nou aan God, ek bid dat U hierdie ding sal skenk! . . . ? . . . Skenk dit. En skenk dit, Vader, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.

528 Hy het dit nou gedoen. Hy het dit vervul, na dertien jaar. "Hulle wat op die Here wag, kry nuwe krag." Dis alles reg, broer. O, dis wonderlik.

529 Wel, sien julle môre-aand, meeste van julle. As ek . . . Die pastoor hier nou, broer.

Veronderstel AFR62-0117
(Presuming)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 17 Januarie 1962, by die Gospel Echoes in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org